# AANTEKENINGE RONDOM DIE AMPS-OPDRAG VAN DIE DIAKEN

**PROF. DR. A. D. PONT.**

Vir 'n geruime tyd reeds is daar in die Kerk 'n gesprek aan die gang oor die amp en die ampsopdrag van die diaken. In die loop van hierdie gesprek het daar al baie belangrike gegewens weer na vore gekom en dit is duidelik dat dit vir die Kerk belangrik is dat sorgvuldig gedink en besin sal word oor die amp van die diaken. Nie alleen is die gedagte al gestel dat dit noodsaaklik geword het om naas die bestaande Formulier vir die Bevestiging van Diakens 'n wisselformulier na vore te bring wat miskien duideliker en uitvoeriger oor die amp en ampswerk van die diaken sal handel nie, maar daar is ook gehandel oor die herkoms van die diakonale gelde, die sittingsreg van diakens op meerdere vergaderings van die Kerk èn die toelating van die vrou tot die amp van die diaken.

As gevolg van hierdie gesprek en ook vanweë besluite van die Algemene Kerkvergadering is 'n Raad vir die Barmhartigheidsdiens in die lewe geroep wat oor hierdie en ander aspekte nie alleen 'n studie nie maar ook aanbevelings aan die Kerk moes maak. Hierdie „Aantekeninge" is 'n onderdeel van die studiewerk wat deur die betrokke Raad gedoen is. Dit word nou hier groter bekendheid gegee omdat geoordeel is dat op hierdie wyse die besinning oor die amp en die ampsopdrag van die diaken in breër kring gestimuleer kan word. Ook wat dit betref, is dit tog duidelik dat die besinning nie aan een of twee in die Kerk opgedra is nie maar aan almal.

## 1. **ENKELE SKRIFTUURLIKE GEGEWENS.**

Wanneer oor die Skriftuurlike agtergronde van die amp van diaken gehandel word, is daar 'n probleem wat ontstaan vanweë die **Formulier vir die Bevestiging van Diakens.** Dáár word ewe stellig verklaar

„Wat die diakens aanbetref, van die oorsprong en instelling van hulle amp lees ons in die Handelinge van die Apostels."

Daar word dan verwys na Handelinge 6 en die kiesing van die sewe om die twaalf apostels by te staan. Die opmerklike is egter dat die ampsaanduiding **diakonos** daar niè gebruik word nie. Die sewe wat in Hand. 6 aangewys word as die verteenwoordigers van die Griekse weduwees, tree veel eer op as evangeliste wat naas die apostels preek, doop en disputeer. Die enigste verwysing na die diakonaat in Hand. 6 word gevind in vs. 2 waar gestel word: „Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat **om die**

**tafels te bedien nie."** Hier word dan die begrip **diakonein trapezais** gebruik wat nié 'n spesifiek diakonale taak, in die sin van die ampsdraer, hoef aan te dui nie omdat dit **terminus technicus** is vir die leiding van die liefdesdiens in die gemeente.

As Hand. 6 verder ontleed word, kom die vraag op of die Griekse weduwees 'n integrale deel gevorm het van die vroeë gemeente èn van die tafelgemeenskap. Indien dit wèl só was, dan is die aanstelling van die sewe méér as net 'n verdeling van die ampswerk. Dan is dit 'n spesifieke onderskeiding wat in die gemeente gemaak is en dan is die sewe beslis baie méér as ampsdraerdiakens en waarskynlik eerder evangeliste of hulp-apostels ten behoewe van die Griekse weduwees of gemeente. Veral as gelet word op die verdere gegewens in die Nuwe Testament in verband met die ampswerk van Stefanus en Filippus, dan wil dit tog vóórkom dat die sewe eerder **evangeliste** was as spesifieke diakenampsdraers in die meer beperkte sin van die woord.

Die probleem ontstaan juis omdat die begrip **diakonein** so wyd is en 'n wye betekenisspektrum het. Na aanleiding van die uiteensetting in TWNT[1]) kan daar wat dié begrip betref, die volgende betekenisse onderskei word:

1. By die tafel diens verrig soos in Luk. 17:8; Joh. 12:2. Hier word dit duidelik dat Jesus Christus aan die diensbegrip, juis by die tafel, 'n nuwe inhoud gee, vgl. Luk. 22:6. Want Jesus beklemtoon dat die essensiële nié daarin lê om bedien te word nie maar om self te dien.

In hierdie verband kom die betekenis ook na vore om vir die maaltyd te sorg, bv. Hand. 6:23, dit wil sê die daaglikse, selfs repeterende, sorg vir die maaltyd. In hierdie verband staan die **diakonein trapezais** enigermate in teenstelling tot die **diakonia tou logou** en het e.g. betrekking op die liefdesdiens in die gemeente.

2. Die tweede betekenis van **diakonein** is wyd en beteken: diensbaar wees. Dié begrip word sy inhoud gegee in Matt. 25:42-44 en kan saamgevat word as die christelike liefdesbetuiging ten opsigte van die naaste. In hierdie verband vgl. ook Mark. 10:43-45 en Matt. 20:26-28.

Die **diakonein** is dus wel méér as nèt die tafeldiens. Dit is ook aanduiding van die alles en almal helpende liefdesbetoon aan die naaste, vgl. Joh. 12:26.

3. Die derde betekenis is dié van diens in die gemeente in die meer algemene sin. I Petr. 4:10 gebruik die begrip as aanduiding van die diens wat die een aan die ander in die gemeente

---

[1]) G. Kittel, **Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testaments**, Stuttgart 1965, Bd. 2, S. 83ff.

moet bewys. In dié sin is Timotheus en Erastes **diakonountes** in Hand. 19:22 en net so word Onesimus se diens aan Paulus in die tronk **diakonein** genoem (Fim. 13).

4. Ten vierde kry **diakonein** 'n besondere betekenis by Paulus nl. die insameling en oorbring van die kollekte vir die heiliges in Jerusalem (II Kor. 8:19 en ook Rom. 15:25).

Uit die voorgaande is dit duidelik dat **diakonein** en die selfstandige naamwoord wat daarvan afgelei is, nl. **diakonia,** 'n baie wyer betekenisspektrum het as slegs die aanduiding van diakonale barmhartigheidsdiens in die gemeente deur 'n bepaalde ampsdraer. Dit is dan ook nie verantwoord om **alles** wat met die begrippe **diakonein** en **diakonia** in die N.T. saamhang op die diaken alléén te betrek nie. Want veral wat **diakonia** betref, is dit duidelik, na aanleiding van Ef. 4:11, dat elke belangrike werk in en ten behoewe van die gemeente as **diakonia** aangedui kàn word. Só word selfs die Woordverkondiging soms as **diakonia tou logou** aangedui. So word die apostel in II Kor. 11:23 aangedui as **diakonos tou evangeliou** of as **diakonos theou,** laasgenoemde 'n uitdrukking wat ten opsigte van Timotheus gebruik word (I Tim. 3:1-3) en in Kol. 1:7 word Epaphias aangedui as 'n **sundoulos** van die apostel én as 'n **diakonos tou Christou.** Merkwaardig is dat die Owerheid in Rom. 13:1-4 as 'n **diakonos** aangedui word vir so ver dié owerheid sy amp van God ontvang het.

Uit hierdie hele wye betekenisspektrum moet die betekenis van die woord **diakonos,** waar dit gebruik word as 'n aanduiding van die **spesifieke ampsdraer** in die gemeente, uitgelig word, anders beland 'n mens in 'n oewerlose see.

Die éérste aanduiding van lidmate van die gemeente wat 'n spesifieke opdrag ontvang het en dus as ampsdraers in die gemeente werksaam is, vind ons in Fil. 1:1 waar Paulus al die heiliges groet **sun episkopois kai diakonois.** Hier word die diaken genoem net nà en in noue samehang met die **episkopos.** Hieruit sou die afleiding geregverdig wees dat met die skrywe van die brief aan die Fillipense daar twee, op mekaar betrokke, ampte in die gemeente is nl. die **episkopoi** en die **diakonoi.**

Die taak of ampsopdrag van die **diakonoi** kan moeilik uit die brief aan die Fillipense afgelei word. Belangrik is, veral as I Tim. 3:1-13 nagegaan word, dat daar 'n samehang tussen die ampte van **diakonoi** en **episkopoi** bestaan.

Interessant is ook die aanduidings hoedanig die diaken moet wees en in vs. 8 word gestel dat die diaken nié uit twee monde moet spreek nie en ook nie 'n vuilgewinsoeker moet wees nie. Hieruit sou die afleiding geregverdig wees dat hierdie manne met die stoflike versorging in en van die gemeente belas is.

Oor die ontstaan van die ampsdraer-diaken bestaan daar geen presiese sekerheid nie. Waarskynlik kom die **diakonos** saam met die **episkopos** na vore want die **diakonos** word nooit los van die **episkopos** vermeld nie. Die **diakonos** is nié alleen 'n dienaar van die gemeente nie maar ook van die **episkopos.** Hieruit kán afgelei word dat die **diakonos** se ampswerk op 'n ander vlak gelê het as dié van die **episkopos** en dat dit van 'n ondersteunende aard was.

As oor die oorsprong van die amp gehandel word, kan verwys word na die Joodse sinagoge waar die ampte **archi sunagoogos** en **huperetes** bestaan het, hoewel beide hierdie ampsdraers se werk tot die erediens in die sinagoge beperk was[2]). Hoewel daar sekere analoë tussen die sinagoge en die vroeë gemeente bestaan, is dit egter duidelik dat in die Joodse wêreld daar géén direkte voorbeelde vir die Christelike ampte bestaan het nie. Die Christelike ampte is nuwe en eie skeppings en ook die amps-aanduidings is nuut.

Die ampsdraer-diaken kom eers in die Christelike kerk op die voorgrond as die charismatiese ampte, nl. die apostel, profeet, leraar e.d.m. uitsterf. Tog is dit duidelik uit I Kor. 12:28 dat ook die diaken 'n bepaalde **charisma** ontvang het.

Die diakenswerk in die N.T. is die werk wat verrig word uit die liefde tot die naaste. Dit is dus die gehoorsaamheid aan die tweede groot gebod. Die feit dat hierdie ampsdraer se titel **diakonos** was, dui daarop dat die amp sy oorsprong gevind het by die gemeenskaplike maaltye wat in die oergemeente so sterk in die middelpunt van die gemeentelike lewe gestaan het. Saam met die gemeenskaplike maaltyd het die Nagmaal natuurlik ook werk van die **diakonos** gevra. Vandaar het die werk van die **diakonos** uitgekring na die sorgbehoewendes in die gemeente. Van die begin af het die amp van die diaken dus 'n funksie in die gemeente se erediens èn buite die erediens gehad. Buite die erediens het die diaken tot taak gehad **die barmhartigheidsdiens.** Nêrens kon 'n aanduiding gevind word dat die diaken 'n hulp-**episkopos** of 'n plaasvervanger vir die **episkopos** sou wees nie. Daarvoor het dié twee ampte, hoewel nou aan mekaar verbonde, tog te veel elk sy eie werksterrein gehad.

## 2. DIE DIAKENSAMP IN DIE VROEË KERK.

In die Na-Nuwe Testamentiese tydperk het die diakensamp 'n hele wysiging ondergaan. Die eerste aanduiding daarvan word al gevind by Clemens Romanus wat in ongeveer 96 'n brief

---

[2]) G. Kittel, **a.a.O.,** Bd. 2, S. 91.

skrywe aan die gemeente te Korinthe. Die brief word gerig aan die **episkopoi kai diakonoi** van Korinthe en in 44:5 en 57:1 word hulle dan gesamentlik as **presbuteroi** aangedui. In 42:1 dui Clemens die volgorde van die hiërargie aan soos hy dit sien, t.w. God, Christus, die Apostels, die **episkopoi** en ten slotte die **diakonoi.** Hy sien laasgenoemde as van God aangestel wat nié meer deur die gemeente uit hulle amp ontset kan word nie. Hy trag dan om die instelling van dié ampte met O.T. begrippe te bewys, en in hierdie verband is dit interessant om te let op Clemens se poging om dieselfde oorsprong te vind vir die amp van die **episkopos** en die **diakonos.**

Verder word slegs in die **Didache** 15:1 'n verwysing gevind na die diaken wanneer die aanwysing gegee word: Kies vir julleself **episkopoi kai diakonoi.**

Merkwaardig genoeg word daar nie besondere gegewens verstrek oor die ampsopdrag van die diaken nie en is dit nie ewe maklik om vas te stel wat presies sy taak was nie. Ongetwyfeld het die armversorging 'n belangrike rol gespeel maar sy verhouding ten opsigte van die ander ampsdraers is onduidelik[3]).

Twee faktore in die vroeë Kerk het die rol van die diaken in die gemeente mede-bepaal. Eerstens was dit die opkoms van die gedagte dat die Nagmaal **'n offerdiens** is en dat daar dus in die Christelike gemeente weer priesters nodig is. Dáárom betrek Clemens Romanus die christelike ampsdraers, nl. die **episkopoi** en die **diakonoi** op die O.T. ampsdraers t.w. die priesters en die leviete. Dit het meegebring dat die diaken al meer as 'n **kultiese ampsdraer** gesien is wat sy ampswerk binne-in die kerkgebou en die liturgie moet voltooi.

Hiermee het die tweede faktor saamgehang, nl. die opkoms van **die monargale episkopaat,** 'n ontwikkeling wat vanaf 150 geleidelik al sterker word. In hierdie situasie word die diaken ondergeskik aan die episkopaat. As die **episkopoi** van die N.T. dan nog onderverdeel word en die **presbuteroi** na vore kom, dan ontstaan daar 'n hiërargiese orde t.w. biskop, priester, diaken met die diaken as die minste van die drie. Dan word die diaken die ondergeskikte en helper van die biskop.

Dié situasie word baie duidelik terug gevind by die sg. Kerkorde van Hippolytus **(Apostolike Paradosis)** van ongeveer 200, die Didaskalia **(Diataxeis toon apostoloon)** van die begin van die 3e eeu, en die sg. Canones Ecclesiastici Apostolorum **(Diatagai toon hagioon apostoloon)** wat uit ongeveer 380 dateer.

---

3) Vgl. A. Harnack, **Lehrbuch der Dogmengeschichte,** Tübingen 1909, Bd. I, S. 236ff.

Dieselfde word teruggevind by die verskillende konsilies. So het Nicea 325 in kanon xviii spesifiek bepaal dat die diaken die dienskneg van die biskop is en ook ondergeskik aan die presbiter is. Die diakens mag ook nie by die presbiters sit tydens die godsdiensoefening nie want „dit is teen die kanon en die goeie orde[1]). In hierdie tyd is die Nagmaal al as 'n offerande beskou en word bepaal dat die biskop en die presbiter die altaardiens mag verrig, maar nié die diaken nie. Daarin is hy slegs 'n hulpfiguur.

Die Sinode van Laodicea 343-381 het die diaken as 'n soort leviet gewaardeer wat nie die status en eer van die priester op hom mag neem nie. Hier word 'n baie duidelike hiërargiese onderskeid tussen biskop en presbiter enersyds en die diaken andersyds gemaak. Interessant is dan dat bepaal word dat tydens die erediens die diaken moet staan terwyl die biskop en presbiter mag sit.

Enigsins duideliker is die Sinode van Ancyra van 314 wat in kanon ii aandui dat die taak van die diaken is om die brood en wyn te bring en om as aankondiger tydens die erediens op te tree. Daarby moet die diaken as helper van die priester by die altaar optree en is dit waarskynlik sy taak om die brood en wyn aan die „gewone volk" te gee.

Daar is enigermate 'n verskil in aksent tussen die Oosterse en Westerse Kerk ten opsigte van die diaken. Soos in die Oosterse Kerk die hele godsdiens al méér teruggetrek word binne die ruimte van die kerkgebou, word die diaken se ampsopdrag al meer en meer slegs om behulpsaam te wees by die erediens.

In die Westerse Kerk is die diaken ook hoofsaaklik 'n ampsdraer van die hoër geestelikheid — na hom volg, in hiërargiese orde, die „laer geestelikheid" wat o.a. nie altyd aanvanklik gebonde was aan die onthoudingsbelofte ten opsigte van die huwelik nie, t.w. die subdiaken, voorleser, sanger, askeet, diakones, maagd, weduwee. Die diaken was in die Weste nooit 'n priester nie maar altyd ondergeskik aan die priester en het veral 'n taak ten opsigte van die kultus, die armversorging en die administrasie. Dié administrasie het vérder gegaan as slegs die administrasie van die fondse wat vir die armes beskikbaar was en in meeste gevalle was die diaken ook 'n sekretaris van die biskop. Verder het die diaken ook hulpdiens verrig by die doopkategese en die doop terwyl hy tydens die erediens die Evangelie mag lees en soms ook gepreek het. Dit is egter duidelik dat hoewel in die vroeë Kerk die taak of ampsopdrag van die diaken verskillend verstaan en geïnterpreteer is, die hulp by die

---

[1]) Vgl. **Conciliorum Oecumenicorum Decreta**, Roma 1962, p. 4 sgg.

tafelaltaar 'n vaste onderdeel van sy amp was asook die armversorging. Rondom dié twee sentrale momente van sy amp het daar verskillende ànder opdragte bygekom. Duidelik is egter dat die diaken 'n spesifiek-eie amp beklee het wat duidelik onderskei én anders was as dié van óf die presbiter óf die biskop van wie hy buitendien hiërargies geskei was[5]).

In die tyd van Gregorius die Grote is, wat die Westerse Kerk betref, die diaken se liturgiese funksies baie sterk verminder en het sy taak gebly die vergader en uitdeel van aalmoese, terwyl sy administratiewe funksie in die bisdom aan belangrikheid toegeneem het. In Rome self is daar rondom die pous sewe **kardinaal-diakens** aangewys na aanleiding van Hand. 6 maar dan is dit duidelik dat die diakonaat in die Kerk al baie verander het van die oorspronklike N.T.-amp. Dié ontwikkeling het veral gedurende die Middeleeue plaasgevind waar die amp van diaken geleidelik verskraal is totdat dit nie meer veel meer was as net die beginpunt van die hiërargiese leer wat tot die priesteramp lei nie.

## 3. DIE AMPSOPDRAG VAN DIE DIAKEN BY DIE REFORMATORE.

Die voorafgaande gegewens en opmerkings moet nié as volledig beskou word nie. Oor dié veld het ander navorsers gewerk en hulle werk sal ook nog hier gepubliseer word. Daarom word hier die aandag hoofsaaklik toegespits op die Reformatoriese en Na-Reformatoriese tyd. Dit wil natuurlik nie sê dat dit die enigste historiese periode is wat van belang is wanneer die agtergronde van die ampsopdrag van die diaken nagegaan word nie.

Martin Luther het die diaken as versorger van die armes wéér op die voorgrond probeer bring. Maar die diakonaat het in die Lutherse Kerk nié werklik uitgegroei tot 'n eie en volwaardige amp nie. Dit waarskynlik ook vanweë die feit dat Luther geen besondere belangstelling vir die organisatoriese aspek van die kerklike lewe gehad het nie. Die Lutherse Sinode van Hesse het in 1526 te Homberg 'n kerklike orde opgestel en die diaken as 'n spesifiek-eie amp onderskei[6]).

In die daaropvolgende kerklike orde, nl. dié van 1566, word die amp van die diaken relatief breedvoerig uiteengesit. Hier word die instelling van die amp andermaal teruggevoer na Hand. 6 maar word die volgende interessante stelling gemaak[7]).

---

[5]) Vgl. o.a. K. Galling (hrsg.), **Die Religion in Geschichte und Gegenwart**, Tübingen o.J., Bd. III, S. 160.

[6]) E. Sehling, **Die Evangelischen Kirchenordnungen der XVI Jahrhunderts**, Tübingen 1965, Bd. VIII, S. 46.

[7]) E. Sehling, **a.a.O.**, S. 209.

„In der heiligen schrift werden die jenigen diacon gennenet, welchen die sorg und das aufsehen der kirchengüter bevohlen wird, auf dasz die diener göttlichs worts und die gemeine armen notürftiglich erhalten werden."

As die spesifieke taak van die diaken aangedui word, nadat die Skrifuurlike eise ten opsigte van die diaken sorgvuldig opgesom is, word die volgende gestel:

i. In die eerste plek moet hulle daaglikse aalmoese, rente en inkomstes van die gemeente sorgvuldig in 'n register aanteken;

ii. Ten tweede moet hulle met dieselfde sorg hierdie fondse wéér aan die armes uitdeel en in alles só handel dat hulle trou bevind word.

iii. Terselfdertyd moet die diakens die kerkgebou onderhou en die administrasie in hierdie verband onderhou.

Vir die uitvoering van hierdie taak is hulle verantwoording skuldig aan die predikant, ouderlinge en ook die Superintendent.

Oor die algemeen egter was die diaken in die Lutherse Kerk nié alleen verantwoordelikheid verskuldig aan die kerkraad nie maar ook aan die burgerlike owerheid en het hulle in samewerking met die burgerlike owerheid die armeversorging waargeneem. Hierdie samegaan van die kerk en die owerheid op die vlak van die barmhartigheidsdiens het nie lank geduur nie en is geleidelik oorgeneem deur nie-spesifiek-kerklike organisasies. Geleidelik het die gedagte dan ook op die agtergrond geraak dat die Kerk die taak het om die armes en hulpbehoewendes te versorg.

Vanweë hierdie ontwikkeling het die amp van diaken in die Lutherse Kerk as't ware oortollig geword en is hierdie ampsaanduiding oorgeneem deur hulppredikers en kapelane volgens die gebruik wat in die Roomse Kerk bestaan het. Hier het die diaken dus sy oorspronklik-Bybelse amp laat vaar en 'n diaken in die Lutherse Kerk is nou 'n persoon wat besig is met die diens van die evangelieverkondiging[8]).

Dit was eers Johannes Calvyn, die Geneefse hervormer, wat binne die reformatoriese kerk aan die diaken 'n spesifiek-eie plek gegee het. In die eerste plek het hy in sy **Institutio Christianae Religionis,** IV. 3:8-9, die amp van diaken as 'n onmisbare onderdeel van die kerklike lewe weer teruggebring. Daarom stel hy ook dat daar twee blywende ampte in die Kerk is en dit is dié amp wat die taak het om die Kerk te regeer en dié amp wat

---

[8]) Vgl. in hierdie verband H. Bouwman, **Gereformeerd Kerkrecht,** Kampen 1970, Dl. I, blz. 568.

spesifiek daar is om die armes te versorg. Na aanleiding van Rom. 12:8 het Calvyn dan ook nog 'n differensiasie binne die amp van die diaken na vore gebring en onderskei tussen **die hospitaal-diaken** wat die siekes moet versorg en die **arme-diaken** wat die behoeftiges en nooddruftiges moet versorg.

In sy voorlopige Kerkorde van 1541 sê Calvyn dat **die arme-diaken** die taak het om die goedere wat die gemeente vir die armes gee, te ontvang, te beheer èn uit te deel. Onder dié goedere noem hy dan die daaglikse aalmoese, rentes, huurgeld van kerklike eiendom en derglike meer. Dié fondse moet met sorg geadministreer word en daar moet goeie toesig oor die uitdeel daarvan gehou word.

Ten opsigte van **die hospitaaldiaken** stel Calvyn dat hulle moet toesien dat die stadshospitaal goed onderhou word. Hierdie hospitaal is nié net daar vir die siekes nie, maar dit moet ook aparte voorsiening maak vir die versorging van ou mense wat nie meer kan werk nie, weduwees, wese en ander hulpbehoewende mense. Daarnaas moet die hospitaal-diaken die siekes dwarsdeur die stad versorg.

Hierdie werk doen die diakens in samewerking met èn onder toesig van die predikant en die ouderlinge wat sáám die kerkraad vorm. Dit is baie duidelik dat die diaken hier, volgens die reëlings van Calvyn, nié deel vorm van die kerkraad wat die gemeente regeer nie. Nêrens kon ek dan ook 'n bewys daarvoor vind dat Calvyn aan die diaken die regeringsbevoegdhede verleen nie. Inteendeel, sy eié amp word sorgvuldig omskrywe en as ampsdraer met 'n duidelik-omlynde opdrag ten opsigte van die versorging van hulpbehoewendes, ontvang hy géén opdrag om ook nog deel te hê aan die regering van die kerk of gemeente nie.

In die Geneefse Kerkorde van 1561, die **Ordonnances Ecclésiastiques,** Hoofstuk IV, art. 56 word andermaal deur Calvyn twee soorte diakens onderskei. Ten eerste is daar die diakens wat die daaglikse aalmoese moet ontvang, die grondbesit moet administreer en dit dan ten behoewe van die armes ook wéér moet uitdeel. Hier is die diaken se taak dus die ontvang, administrasie en uitdeling **van gelde** wat vir die versorging van die armes bedoel is.

Daarnaas is daar dan die hospitaaldiaken wat die siekes moet versorg, 'n wakende oog oor die gang van sake by die hospitaal, wat 'n owerheidsinstelling was, moet hou èn die armes en sorgbehoewendes aldaar èn in die stad van voedsel moes voorsien.

In sy uiteensetting oor die ampte en die amp van diaken stel Calvyn dat daar 'n eenheid tussen en van al die ampte is

omdat ál die ampsdraers dienaars, arbeiders van Jesus Christus is. Daarom, hoewel hy onderskei in die ampte, leer hy ook die gelykheid van al die ampsdraers aan mekaar[9]). Opmerklik egter is dat Calvyn baie duidelik onderskei **in die verskil in funksie en opdrag** van die drie ampte. Daarby maak hy óók nog 'n onderskeid tussen die tydelike ampte, die blywende ampte en die hulpampte[10]).

Die diakensamp is vir Calvyn 'n suiwer tydelike amp en daarvoor beroep hy hom op die voorbeeld van Filippus wat in Hand. 6 as een van die sewe gekies word maar later nié meer as diaken optree nie maar wel as evangelis. Volgens Calvyn is die diakens slegs gekies vanweë die noodsaaklikheid van hulle diens — Hand. 6 — maar hulle kon óók en het ook die diakensamp weer neergelê om 'n ander opdrag te aanvaar[11]). Dáárom geld die diakensamp vir Calvyn nié as 'n amp wat deur die diaken lewenslank beoefen moet word nie, maar is dit volgens sy kerkordelike reëlings só, dat die diaken slegs vir 'n tydperk van twee jaar gekies word.

Hierdie formulerings ten opsigte van die diaken, is ook deur die Calvinistiese kerke buite Genève, wat op die patroon van Calvyn se leerstellinge en kerkordelike voorbeeld gebou is, met groot sorg nagevolg.

Daarvoor kan kortliks op die volgende kerkordelike reëlings van verskillende Calvinistiese kerke gewys word:

1. **Die kerkordelike reëlings van die Sinode van Herborn van 1586.** Dit was 'n Sinodale vergadering van die Calvinistiese kerke in Nassau, Wittgenstein, Solms en Wied. Daarvolgens is, ten opsigte van die ondersoek wat hiér gedoen word, gestel:

„Art. 18. Die amp van diaken is om:

1. die aalmoese in te samel en na beraadslaging met die predikant en mekaar, dit getrou aan die armes uit te deel, sowel aan die vreemdelinge as aan die inwonende armes; en dié sal na goeddunke, elke Sondag, na die prediking, iets ontvang, vóór die predikant die nagmaal bedien; ander sal egter, soos die geleentheid hom voordoen, versorg word;

2. die ellendiges te besoek èn daarop te let dat hulle nie die aalmoese misbruik nie;

3. rekening of verslag te doen, van inkomstes of uitgawes, aan die presbiterium waar almal wat wil, teenwoordig kan wees;

---

9) Vgl. L. Goumaz, **Het Ambt bij Calvijn. Een samenvatting naar zijn commentaren op het Nieuwe Testament,** vert. K. Deddens, Franeker z.j., blz. 15-17.
10) L. Goumaz, a.w., blz. 18.
11) L. Goumaz, a.w., blz. 26.

4. wanneer die diakens sien dat die armes deur onbillike pryse verdruk word, dit aan die konsistorie te berig wat dan hulp sal gee of daarvan berig aan die owerheid sal gee."

Artikel 19 bepaal dat die diakens slegs twee jaar in hulle amp sal dien.

Artikel 28:

„In alle gemeentes sal daar 'n presbiterium wees wat uit predikante en ouderlinge bestaan, wat elke of elke tweede Sondag, soos dit nodig mag wees, op 'n bestemde plek sal vergader. By hierdie vergaderings sal die predikant as voorsitter die werksaamhede lei.

Ook die diakens sal byeenkom en oor hulle sake geraadslaag. Maar hulle sal daarin aan die presbiterium gehoorsaam wees."

Artikel 30

„Die klassikale byeenkoms sal uit die predikante en ouderlinge, en van hulle minstens een waar hulle beskikbaar is, van genabuurde (gemeentes) bestaan, en die presbiterium kan vir die predikant 'n ouderlings toewys wanneer dit nodig is."

Hierdie tipies-Calvinistiese patroon ten opsigte van die diaken, sy ampsopdrag, sy sittingsreg op die Kerkraadsvergadering en die meerdere vergaderings van die Kerk èn sy verhouding tot die ouderling en predikant, word ook in die ander Calvinistiese kerkordes in die Duitssprekende gebiede teruggevind.

Daarvoor kan o.a. verwys word na die Kerkorde van die Kurpfalz van 1563 waar ten opsigte van die diaken bepaal word:

„Terwyl dit tot die opbou van die Christelike Kerk hoort dat die arm en nooddruftige lidmate van Christus onderhou, gespysig en te drinke gegee word, vir welke doel die eerste Christelike kerk sy diakens en aalmoesversorgers gehad het, daarom sal in alle stede en dorpe die volk (dit is: die gemeente) vlytig en ernstig deur die predikante vermaan word om die armes met hulle aalmoese te help, en in alle Kerke (dit is: gemeentes) sal 'n algemene kas ingestel word en op Sondae en Vrydae sal tydens die prediking aalmoese van die volk ingesamel word en daartoe sal vrome en Godsalige manne, volgens die bevel van Paulus, I Tim. 3, verkies word wat die taak het om die aalmoese in te samel en uit te deel . . ."

Hieruit is dit duidelik dat Calvyn se hospitaaldiaken weggeval het maar dat die arme-diaken behoue gebly het. Die inhoud van sy opdrag is báie duidelik die insameling, versorging en uitdeling van die gemeentelike aalmoese wat vir die armes bedoel is. Nêrens word hier aan die diaken 'n regerende taak opgedra nie. Dit is die taak van die ouderling en die predikant.

Dit blyk byvoorbeeld verder uit die Kerkorde wat in Jülich und Berg in 1571 aanvaar is, waar ten opsigte van die regering van die Kerk bepaal is:

„Art. 74.

Elke gemeente sal sy Konsistorie of Kerkraad hê wat bestaan uit predikante en ouderlinge en (slegs) wanneer dit nodig is, ook diakens . . ."

„Art. 80.

Die Klassikale Vergadering sal deur 'n predikant uit elke gemeente saam met 'n ouderling besoek word en hulle sal daar met 'n behoorlike volmag verskyn . . ."

Andermaal is dit duidelik dat die diaken nié gesien word as 'n ampsdraer met regeerbevoegdhede wat normaalweg òf lid van die meerdere vergadering is nie.

Tog sal dit, wat die kerkregtelike verlede van die Calvinistiese kerke betref, nodig wees om nog verdere gegewens te verstrek ten opsigte van die diaken, sy amp en sy pligte, in ander Calvinistiese kerke buite die Duitse taalgebied.

In Engeland waar die Nederlandse vlugtelinggemeente onder leiding van Johannes à Lasco, 1499-1560, gestaan het, wat vanaf 1548 tot 1553 in Londen geleef en gewerk het, het vanaf 1550 à Lasco se **Forma as Ratio tota ecclesiastici Ministerii** ook gegeld.Daarin het à Lasco ten opsigte van die diaken bepaal dat sy amp tweeledig was, nl. die ywerige en nougesette versameling van die aalmoese en daarnaas in die getroue en verstandige uitdeling daarvan aan die armes. Hy beklemtoon dit dat die diakens dieselfde sorg teenoor die armes moet beoefen as teen hulle eie familielede. Belangrik is dit dat à Lasco dit beklemtoon dat die diaken in die versorging van die armes nie by die uiterlike versorging moet bly nie „maar ook naar het geloof en godsvrucht der armen onderzoek te doen, en zoo nodig hen aangaande hun roeping jegens God en de Kerk te vermanen"[12]).

Opmerklik is dit ook dat in die Londense vlugtelinggemeente die diakonie se fondse uitsluitlik deur die diakens beheer is. Hoewel hulle daarvan gereeld aan die Kerkraad verslag gedoen het, het dit meerdere male gebeur dat die diakonie versoeke van die Kerkraad om uit die diakonale gelde die algemene kas aan te vul, afgewys het[13]).

Hierdie reëling ten opsigte van die diakens het so bly voortbestaan in **De Christelicke Ordonnancien der Nederlantschen Ghemeinten te London** wat in 1554 deur Martin Micron uitgegee

---

12) P. Biesterveld e.a., **Het Diaconaat**, Amsterdam 1907, blz. 132 vgg.
13) P. Biesterveld e.a., **a.w.**, blz 134.

is. Interessant is dat hiér die diaken ook nie as 'n volle lid van die kerkraad gereken word nie.

In Skotland waar die Geneefse hervorming onder leiding van John Knox deurgevoer is, is die eerste kerkordelike reëling die **Book of Discipline** wat in 1560 saam met die **Confessio Scotica** deur die Skotse Parlement aanvaar is. In dié **Book of Discipline** het Knox bepaal dat daar steeds drie ampte in die Kerk moet wees, nl. die predikant, die ouderling en die diaken. Daarnaas het hy aanvanklik twee verdere ampte ingevoer wat vanweë die tydsomstandigheid noodsaaklik geag is maar wat nie voortdurend in die kerk gehandhaaf moet word nie. Dit was die **readers** wat as leke-predikers opgetree het en die **superintendents** wat noodsaaklik geag is vanweë die feit dat die predikante en kerkrade nog ongeoefen en swak opgelei vir hulle taak was.

Wat die ampsopdrag van die diaken betref, is dit hulle taak om die aalmoese en ander inkomstes wat vir die armes gegee word te ontvang en dan ook weer uit te deel. Die diakens, net soos die ouderlinge, moes jaarliks deur die gemeente gekies word, „least, that by long continuance of such officairis, men presume upon the libertie of the Church"[14]).

In elke gemeente moes daar verder 'n Kerkraad wees wat die gemeente moes regeer. Hiervan was die predikant die voorsitter terwyl die ouderlinge en diakens lede van die Kerkraad was. Tog was die diaken nié lid van die meerdere vergaderings van die Kerk nie. Duidelik word egter geformuleer dat die diaken slegs as **'n hulp** lid van die Kerkraad was en daarom is hulle ook nie as deel van die meerdere vergaderings van die Kerk beskou nie.

In Skotland is dus ook die min of meer algemene reël wat in die gereformeerde kerke ten opsigte van diakens gegeld het, onderhou.

In Frankryk het die diaken, veral wat sy regeerbevoegdhede betref, effens méér bevoegdhede ontvang as wat in die res van die gereformeerde kerke van Calvinistiese stempel gebruiklik was. Dit spruit enersyds uit die Franse Geloofsbelydenis van 1559, art. 29 wat stel:

„Wat die ware Kerk betref, glo ons **dat die Kerk gelei moet word volgens die orde wat ons Heer Jesus Christus ingestel het,** dit is dat daar predikante, ouderlinge en diakens moet wees sodat die suiwere leer sy loop neem, die sondes gekorrigeer en

---

[14]) D. H. Fleming, **The Reformation in Scotland**, London 1910, p. 276.

onderdruk kan word en dat die armes en al die ander nooddruftiges in hulle nood ondersteun kan word en dat die samekomste tot die stigting van groot en klein in die Naam van God gehou sal word."

Wat die vet gedrukte gedeelte betref, lui dit in die oorspronklike:

„nous croyons qu'elle doit estre gouvernee selon la police que nostre Seigneur Jesus Christ a establie . . ."

Dit kan betoog word dat **gouverne** vertaal moet word met **regeer** in plaas van **lei,** maar dan is dit tog uit die taakomskrywing van die diaken, effens later in die paragraaf, baie duidelik dat die diaken nie soseer **regeer** nie, maar lei. Dieselfde geld miskien ook van die ander ampte. Om egter verder die woordjie **police** met **regering** te vertaal om sodoende 'n argument te vind om aan die diaken regeerbevoegdhede toe te ken, lyk 'n bietjie na 'n té vrye vertaling. Die begrip **police** het te make met **orde** en nié met regering nie. Dit gaan dus eerder hier om die beklemtoning dat die verskillende ampte ordelik, elk volgens sy éie opdrag, die gemeente sal lei in samewerking met die ander.

Interessant is die „kommentaar" of „uitleg" wat hierdie artikel van die Geloofsbelydenis in die Kerkorde van 1559 vind. Dáár word bepaal:

„Art: 20 Die ouderlinge en diakens is die Senaat (of Raad) van die gemeente waar die dienaar van die Woord as voorsitter moet optree."

Hier word die diaken dus wel lid van die **Senaat** of **Raad** van die Kerk wat nie 'n ander liggaam is as die **Konsistorie** nie. Die ampsopdrag van die diaken, anders as dié van die ouderling, word in art. 23 weergegee waar gestel word:

„Die opdrag van die diakens is nié om die Woord te verkondig of die Sakrament te bedien nie, hoewel hulle daarby behulpsaam kan wees; . . ."

Die spesifieke opdrag van die diaken is egter volgens art. 22:

„Wat die diakens betref, sal hulle opdrag wees om die armes, die gevangenes en die siekes te besoek en om in die huise te katkiseer."

Volgens die Franse Kerkorde van 1559, arts. 3 en 5 is dit duidelik dat die diaken, net soos die ouderling, normaalweg verteenwoordiger van die Kerkraad op die meerdere vergaderings sal wees. Hierin is die Franse kerkorde in die geheel van die Calvinistiese kerkordelike denke egter 'n uitsondering. Sover ek kon nagaan was dit slegs in die Franse Kerk waar die diakens ook

sitting op die meerdere vergaderings van die Kerk gehad het. Dit is opvallend dat in die Franse kerkorde van 1559 waar hierdie regeeropdrag aan die diaken gegee word, die Skriftuurlike èn gebruiklike calvinistiese taakomskrywing ten opsigte van die diaken, baie skraler is. Hier word géén melding gemaak van die insameling, beheer en uitdeling van die aalmoese nie en die diaken se opdrag is dan ook aansienlik beperkter. Wat in die Franse kerkorde toegevoeg word tot die ampsopdrag van die diaken t.w. die katkisasie, die sittingsreg op die meerdere vergadering word nog verder uitgebrei deur art. 24 wat lui:

„In die afwesigheid van die predikant of wanneer hy siek is of wanneer 'n nood bestaan, sal die diaken die gebede doen en 'n gedeelte uit die Skrif kan lees, sonder om egter 'n preek voor te dra."

Hieruit blyk tog dat die diaken baie méér as 'n soort ouderling hiér nie tot sy volle reg kom nie. Waarskynlik vanweë die feit dat die diaken hier byna 'n ouderlingsopdrag het, is dit vanselfsprekend dat óók geoordeel is dat die diaken saam met die ouderling èn die predikant deel moet wees van die meerdere vergaderings wat die Kerk regeer. As dié Franse situasie met die Skriftuurlike gegewens én die gegewens uit die ander gereformeerde kerklike ordes vergelyk word, word dit andermaal duidelik dat die diaken daar 'n **uitsonderlike posisie beklee het.** Om tot hierdie konklusie te kom, moet nie net gelet word op **die opskrifte** wat in die verskillende calvinistiese kerkordes voorkom nie maar juis èn veral na **die inhoud van die artikels** wat die taak, opdrag èn plek van die diaken binne die gemeente en die breëre kerklike verband omskrywe.

## 4. DIE AMPSOPDRAG VAN DIE DIAKEN VOLGENS DIE NEDERLANDSE KERKORDES.

Die situasie in die Nederlandse reformatoriese Kerk moet nou ook nog nagegaan word. Eintlik is die kerkordelike reëlings wat in Nederland in hierdie verband getref is, van besondere gewig omdat dit, wat ons Kerk betref, ook **ons** kerkregtelike verlede is. Hoewel die gebruike in Skotland, Genève, in die Duitse calvinistiese gemeentes, in Frankryk en in Pole interessante korrelerende materiaal verskaf, dra dit vir ons kerkregtelike verlede nié soveel gewig soos die kerkordelike beslissings wat in Nederland geneem is nie. Daarom is dit noodsaaklik om hiér enigsins uitvoeriger in te gaan op die posisie van die diaken èn wat sy ampsopdrag is.

In die eerste plek is dit van belang om die Nederlandse Geloofsbelydenis art. 30 na te gaan want die kerkordelike reëlings is per slot van rekening niks méér as 'n uitwerking in die praktyk van die beginsels wat dáár gestel word nie. In art. 30 bely die Kerk:

„Ons glo dat hierdie ware Kerk geregeer moet word volgens die geestelike regering wat ons Here ons geleer het in Sy Woord, naamlik dat daar dienaars of herders moet wees om die Woord van God te spreek en die sakramente te bedien; ook opsieners en diakens, om saam met die herders as die Raad van die Kerk te wees en deur hierdie middel die ware godsdiens te onderhou en te sorg dat die ware leer sy loop het, dat ook die oortreders op geestelike wyse gestraf en in toom gehou word, en dat ook die armes en bedruktes gehelp en getroos word na die maat van hulle behoeftes. Deur hierdie middel sal alles in die Kerk behoorlik en ordelik uitgevoer word . . ."

Gesien die feit dat die Calvinistiese hervorming in die Suidelike, Franssprekende deel van Nederland sy eerste vastrapplek gehad het en ook daar gestimuleer is deur die Hugenotekerk, is dit nie verwonderlik dat die Franse Geloofsbelydenis as model vir Guido de Brès gedien het by sy opstel van die Nederlandse Geloofsbelydenis in 1561 nie. Daar is dan ook 'n noue ooreenkoms te bespeur tussen hierdie formulerings in art. 30 en die Franse Geloofsbelydenis art. 29. Daarby het die Franse kerkordelike reëlings waarskynlik ook 'n rol gespeel as hier in art. 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis die predikante saam met die ouderlinge en diakens die Raad van die Kerk (= le Senat de l'Eglise of Senatum Ecclesiae) genoem word.

In hiérdie lyn het die eerste Nasionale Sinode van die Nederlandse Kerk wat te Emden in 1571 gehou is dan ook in art. VI van die kerkorde wat daar opgestel is, bepaal:

„In een iegelijke kerk zal men tezamenkomsten of konsistoriën der dienaren des Woord, ouderlingen en diakenen hebben, die te minste alle weken eenmaal gehouden zullen worden, ter plaatse en tijd, die elke gemeente zal achten de bekwaamste en gelegenste te wezen."

Dat ons hier met sterk Franse invloed te make het, is vanselfsprekend as art. II ook nagelees word waar bepaal word:

„Om de eendrachtigheid in de leer tussen de Nederlandse Kerken te bewijzen, heeft het de broeders goedgedacht de belijdenis des geloofs der Nederlandse Kerken te onderschrijven; insgelyks ook de belijdenis der kerken in Frankrijk te ondertekenen."

By Emden is dan ook bepaal dat die diakens normaalweg sittingsreg op die meerdere vergadering sal hê. So word in die **Aanhangsel** tot die kerkorde van Emden vasgestel:

„Art. 5: In de quartier-byeenkomst (= Klassikale Vergadering), die de Provinciale Synode allernaast voorgaat, zullen verkoren worden, die uit naam derzelve quartieren gezonden mogen worden. Uit iedere classe zullen gezonden worden twee dienaren met twee ouderlingen of diakenen. Of immers een dienaar en een diaken."

Ten opsigte van die Provinsiale Sinodes word ook nog reëlings getref wat hierdie situasie verder verstewig. In art. 10 word bepaal:

„De ouderlingen en diakenen, die tot dezen tezamenkomsten zullen gezonden worden, zullen in alle sessiën hun stem geven met hun kerkendienaren."

Dan ontstaan daar 'n merkwaardige situasie op die Provinsiale Sinode van Holland en Zeeland wat in 1574 te Dordrecht gehou word. Daar word die Franse tradisie wat tot op daardie stadium gevolg is, verwerp en word teruggekeer na die algemene calvinistiese gebruik ten opsigte van die diaken. In 1574 word die amp van die diaken baie méér spesifiek betrek op sy Skriftuurlike barmhartigheidstaak en word minder die nadruk gelê op die Franse siening dat die diaken 'n variant van die ouderling sou wees. Iets daarvan bly behoue in die feit dat in uitsonderingsituasies die diaken as hulpouderling kan optree. Te Dordrecht 1574 word in art. IV 'n nadere verklaring van Emden, art. VI gegee en word gestel:

„Tot verklaring des 6en artikels van Emden, dat in een iegelijke kerk en tezamenkomsten der dienaren des Woords, ouderlingen en diakenen wezen zal, verstaan de broeders dat de dienaars en ouderlingen op zichzelf en de diakenen op zichzelf tezamen komen zullen, om een iegelijk zijn zaken te verhandelen. Doch in plaatse, waar weinig ouderlingen zijn, zullen de diakenen, een deel der konsistorie mogen wezen, en de diakenen, in de konsistorie geroepen zijnde, zullen gehouden wezen te komen."

Opmerklik is dan ook dat daar uitvoerige bepalings vir die diakens opgestel word waarin hulle ampswerk uitvoerig omskryf word. So word arts: 29, 30, 31, 32, 33, 34, 35 en 36 hoofsaaklik aan die ampswerk van die diakens gewy. So bepaal art. 33 dat die diakonie weekliks sal vergader om die versorging van die armes te bespreek; art. 34 handel oor die noodsaak dat die diakens met mekaar samesprekings sal hou oor die uitdeling

en desnoods ook die oordeel van die konsistorie sal vra; art. 35 bepaal dat die diakens sèlf die geld vir die armes moet bestee en art. 36 dat hulle die nodige samewerking moet verleen aan die owerheidspersone wat óók met die versorging van armes en siekes belas is.

Waar Dordrecht 1574 bepaal dat die diaken, waar die getal ouderlinge klein is, wél deel van die Kerkraad mag uitmaak, kan daar net op gewys word dat dit gebeur wanneer daar slegs drie ouderlinge is[15]).

Hierdie reëlings van die provinsiale Sinode van 1574 is bekragtig op die Nasionale Sinode wat in 1578 te Dordrecht gehou is. Dáár word die volgende ten opsigte van die diakens bepaal:

„Art: 14. Der diakenen ambt is, de handreiking en de andere goederen der armen naarstig te vergaderen, en daarna getrouwlijk en diskretelijk naar nood der behoeftigen uit te deelen, de benauwden te bezoeken en te vertroosten en naarstiglijk toe te zien, dat niemand de aalmoezen misbruike.

Art. 15. De diakenen zullen alle weken of zo dikwijls het nodig is bij malkanderen komen, om van hetgeen, dat hun ambt aangaat, te beraadslagen; en zullen alle maanden of anderzins naar de gelegenheid in het bijwezen des kerkeraads hun rekening doen."

Hierdie reëling het beteken dat die diaken nie meer normaalweg lid van die Kerkraad was nie en vanselfsprekend ook nie meer lid van die meerdere vergaderings was nie. Vgl. in hierdie verband Dordrecht 1578, arts. 11 en 12.

Dit is interessant om te let op die uitsonderingsgeval uit die jaar 1586 en wat voorgekom het op die Sinode van Noord-Holland wat te Emden gesit het: Daar word genotuleer:

„Ende alsoo vuyt het classis van Haerlem eenen diaken in de plaetse van eenen ouderlink is gesonden, heeft de vergaederinghe, om dyer oorsaecken van haer luyden voertgebrachte lettende, voer desen tyts sulcx laten passeeren, mits conditien dat naemaels hetzelfde in egeen consequentie zal getrocken worden."

Hieruit is dit duidelik dat die Nederlandse Kerk die afwykende Franse opvattings heeltemal in die praktyk verwerp het en sonder om hiërargies ten opsigte van die ampte te dink, baie duidelike skeidslyne tussen die ampte getrek het. Duidelik is dit dat die diaken, hoewel geensins minderwaardig nie, **'n eie, selfstandige, sorgvuldig-omskrewe en Skriftuurlik-verantwoorde amp in die Kerk vervul.** Hier word duidelik dat sonder deelname

[15]) Vgl. H. Bouwman, a.w., blz. 597.

aan die regering van die Kerk sonder deelname aan die handhawing van die dissipline en sonder deelname aan of kontrole van die diens van die Woord, die diens van die barmhartigheid as 'n volwaardige amp binne die reformatoriese kerklike bestel gewaardeer word. Dit is ook, so wil dit voorkom, 'n miskenning van die reformatoriese ampsopvatting om te dink dat die diens van die barmhartigheid eers dán 'n volwaardige amp is as die diaken ook sittingsreg in die regerende vergaderings van die Kerk het. Die strenge onderskeiding wat hier gemaak word, is juis die waarborg dat die amp van die diaken ten volle tot sy reg kom.

Dit is interessant dat die vadere sèlf nooit die gedagte gekoester het dat met hierdie reëlings die prinsipiële standpunt wat in die Nederlandse Geloofsbelydenis art. 30 gestel is, kragteloos gemaak het nie. Inteendeel, hierdeur is juis hierdie artikel op die beste moontlike manier tot uitvoering gebring. Buitendien is daar kerkordelik bepaal dat by spesifieke geleenthede o.a. die beroep van 'n predikant (vgl. die Nasionale Sinode van Middelburg 1581) die diakens sáám met die Kerkraad sal vergader. Dit kan ook gebeur „zo dikwijls de kerkraad hunlieder (= die diakens) raad en hulp van node zal hebben . . ."[16]). Juis met hiérdie bepalings blyk dit tog dat die diakonaat nié genegeer is nie maar sy volle waardigheid gegee word. Die vadere was egter so verstandig gewees om die diakens **in hulle eie amp te laat** en hulle die moontlikheid te gee om hulle dienswerk ten volle uit te voer deur hulle nie in te trek in die eie dienswerk van die ouderling en die predikant nie.

Hiérdie gedagtes word juis beklemtoon op die Nasionale Sinode van Den Haag 1586 waar nié alleen die kerkordelike reëlings van Middelburg 1581 andermaal onderskryf word nie, maar waar die verskillende formuliere vir gebruik in die godsdiensoefening ook aanvaar word. Van belang hiér is veral die **Formulier vir die Bevestiging van Diakens.** Hierdie formulier is een van die vier diensformuliere wat deur die Nederlandse Kerk sélf opgestel is en wat nié 'n verwerking van 'n ander nie-Nederlandse formulier is nie. Dit is dus duidelik dat hiérdie formulier die ampsopdrag van die diaken, soos dit in Nederland verstaan is èn soos die amp dáár ontwikkel het, sou omskrywe.

Interessant in die formulier is dat hiér, soos elders in die Calvinistiese kerke, „die oorsprong en instelling" van die amp in Hand. 6 gesoek word terwyl die woord **diakonos** in Handelinge nié voorkom nie. Word op die ampsopdrag of die inhoud van die

---

16) G. H. Kersten, **Kerkelijk Handboekje**, Utrecht 1961, blz. 137.

amp gelet, dan word die amp hier as 'n tweeledige gesien, nl. 1. die versameling en bewaring van die aalmoese en goedere wat deur die gemeente vir die armes gegee word en dan 2. die uitdeling van die aalmoese wat gepaard moet gaan met „vertroostinge uit die Woord van God".

Nêrens word in die formulier melding gemaak van 'n medeseggenskap van die diaken ten opsigte van die regering van die Kerk nie wat baie duidelik die spesifieke opdrag van die ouderling is. Hier word duidelik hoe die reformatoriese vadere baie duidelik tussen die twee ampte onderskei het en elke amp sy eie en onderskeie inhoud gegee het. Dit spreek baie duidelik dat die diaken nié 'n spesifieke opdrag ontvang het om die gemeente en Kerk te regeer of die dissipline te handhaaf nie. Want waar in die formulier ten opsigte van die ouderlinge 'n duidelike en spesifieke verwysing is na die ouderlinge wat gesamentlik hulle regeer- en ordebewarende opdrag moet uitvoer, word daar ten opsigte van die diaken nié so 'n opdrag gegee nie, maar die diaken **volledig** terugverwys na sy ampsopdrag om die armes te versorg. Só sterk word dit gestel as die konstituerende element van sy amp dat sy taak binne die godsdiensoefening, nl. die ontvang van die aalmoese by die deure èn sy diens by die Nagmaalstafel, nié genoem word nie.

Hierdie situasie is by die daaropvolgende Nasionale Sinode nl. dié van Dordrecht 1618-1619 net so herbevestig. Dié situasie word ook opgesom deur Johannes Polyander in die **Synopsis Purioris Theologiae** van 1625 waar hy in Hfst. xlii, 63 stel:

„Die Christelike Kerk het in die ou tyd deur die aansporing van die apostels diakens by die ouderlinge gevoeg as bewaarders van die kerklike goedere en huishouers (oeconomi), sodat hulle elkeen se nooddruf tegemoet sou kom, dié van die armes, die gesondes en siekes, van huisgenote en vreemdelinge, van vrye mense en gevangenes."

Verder is dit interessant om te let op die uiteensetting wat gegee word deur G. D. J. Schotel[17]).

„In den aanvang vergaderden predikanten, ouderlingen en diakenen afzonderlijk . . . Diakenen waren ook toen nog geen leden van den kerkeraad, alleen in ,plaatsen daar weynich ouderlingen waren, waren zij gehouden in den kerkeraad te komen, wanneer zij er in geroepen werden.' . . .

---

17) G. D. J. Schotel, **De Openbare Eeredienst der Nederl. Hervormde Kerk in de Zestiende, Zeventiende en Achtiende Eeuw**, Leiden z.j., blz. 310 vgg.

Zij moesten in hunne wekelijksche bijeenkomsten geld en levensbehoeften aan de armen uitdeelen, vóór zij leden van de kerkeraad werden, aan het beroepen van predikanten deelnemen, de tafel des Heeren bedienen, collecteeren aan de woningen en met de schaal, de bussen, het bordeke, en ook in de kerk met den zak, doch zoo, ,dat zij het alderlaatst in den tuin collecteerden, ten einde terstond te kunnen zitten op hunne plaatsen, tot het eynde van de predikatie, tot meerdere stichtinghe der gemeente."

Terloops mag net hier daarop gewys word dat die diaken wèl later, in die negentiende eeu lid van die Kerkraad geword het, maar dan is dit in 'n ander kerkregtelike bedeling.

## 5. DIE AMPSOPDRAG VAN DIAKEN VOLGENS DIE KERKORDELIKE REËLING IN SUID-AFRIKA EN VOLGENS DIE KERKWETTE VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

In ons vaderland het die Kerk alhier gedurende die eerste periode van sy bestaan kerkordelik onder die toesig van die Klassis Amsterdam gestaan wat op sy beurt weer onder die Provinsiale Sinode van Noord-Holland geressorteer het. Vanweë die houding wat die owerheid ingeneem het, het die Kerkorde van Dordrecht 1618-1619 nooit vir die Provinsiale Sinode gegeld nie en ook die Kerkorde van Den Haag van 1586 het nié voortdurende geldigheid gehad nie. In die Provinsie Holland het 'n owerheidsreëling gegeld, hoewel die Kerk hom so ver dit moontlik was, gehou het aan die kerkordelike beginsels en praktyk soos dit deur die Kerk in die verskillende Kerkordes wat op die Nasionale Sinodes aanvaar is, geformuleer is. Dit het dus beteken dat die reformatoriese siening van die amp van die diaken dáár ook gegeld het. So ver ook nagegaan kon word, het nóg in die Provinsiale Sinode van Holland nóg in die verskillende Klassikale Vergaderings in dié ressort die diaken ooit sitting geneem.

In Suid-Afrika was die situasie egter wèl anders. Aanvanklik was hier net één gemeente, nl. dié te Kaapstad en die Kerkraad van dié gemeente is formeel saamgestel ná die aankoms van ds. J. van Arckel in 1665. Die eerste Kerkraad het uit één diaken bestaan, lg. was Jan Reyniersz, en hulle getalle is eers geleidelik aangevul. Sedert 1719 het die Kerkraad bestaan uit twee ouderlinge en vier diakens en só sou dit gedurende die res van die Kompanjiestyd bly — dit wil sê tot in 1795. Op hierdie patroon is ook die Kerkrade van alle ander vroeë gemeentes saamgestel[18]).

---

18) H. C. Hopkins, **Die Moeder van ons Almal**, Kaapstad 1965, blz. 188.

Dit is belangrik om hierop te let, want dit beteken dat in die Suid-Afrikaanse bedeling byna as vanselfsprekend die gebruik soos in die Kerkorde van Dordrecht 1619, art. 38 geformuleer word, gegeld het. Daar word bepaal:

„En daar het getal van de ouderlingen zeer klein is, zullen de diakenen mede tot de kerkeraad mogen genomen worden."

Hierdie reëling van die Dordtse Sinode, wat maar 'n herhaling is van 'n reeds vroeër gestelde reël, korrelleer presies met die Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge wat ook stel:

„Nie alleen uit die voormelde woord van Christus nie, maar ook uit ander woorde van die Skrif, . . . blyk dat hierdie dinge nié by **een of twee persone alleen** berus nie, maar by meer wat dáárvoor gestel is."

Dit het beteken dat oral waar daar minder as drie ouderlinge op die Kerkraad gedien het, die diaken óók lid van die Kerkraad mag wees om as hulp-ouderling daar mede-verantwoordelikheid te aanvaar vir die regering ens. van die gemeente. As gevolg van hiérdie situasie het die diaken in die Suid-Afrikaanse gemeentes van 1665 tot en met die aanvaarding van die Kerkwet van 1824 normaalweg as lid van die Kerkraad opgetree. Vanselfsprekend het hiérdie lang gebruik meegebring dat wat aanvanklik 'n voorreg en 'n hulpdiens was uitgegroei het tot 'n reg en 'n vaste onderdeel van die diens wat die diaken moes verrig.

Nieteenstaande hierdie situasie hét die klem in die ampswerk van die diaken bly val op **sy primêre taak,** nl. die versorging van die armes. Dit is in hierdie verband nié noodsaaklik om veel verder daarop in te gaan nie, maar daar kan slegs gestel word dat in die gemeente Kaapstad vanaf 1709 die diakonie, as 'n selfstandige vergadering, wat hom besig gehou het met alles wat tot die diens van barmhartigheid behoort, begin funksioneer het[19]).

Opvallend is dit dat hoewel die diaken in die vroeë geskiedenis van die Kerk lid van die Kerkraad was, was hy nié lid van die éérste meerdere vergadering wat in die Kaapkolonie ingestel is nie. Hierdie vergadering wat as 'n Klassikale Vergadering aangedui is maar in der waarheid slegs 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering was en van 1745 tot 1759 gefunksioneer het, het as lede slegs predikante en ouderlinge gehad. Géén diaken was lid van hierdie eerste meerdere vergadering van die Kerk in Suid-Afrika nie[20]).

---

19) Vgl. H. C. Hopkins, a.w., bis. 188 vgg.

20) Vgl. C. Spoelstra, Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, Amsterdam 1906, Dl. I., blz. 212 vgg.

In 1824, dit wil sê na die permanente oorname van die Kaap deur Engeland, en nà die interim-bewind van die Bataafse Republiek het die eerste Sinodale vergadering van die Kerk in die Kaapkolonie byeengekom. Hierdie Sinodale vergadering het byeengekom op grond van die Kerkordonnansie wat Kommissaris-Generaal J. A. de Mist in 1804 uitgevaardig het om die gang van kerklike sake aan die Kaap te reël. Die interessante is dat De Mist ten opsigte van die Sinodale Vergadering reeds bepaal het[21]):

„Art. 46. . . . eene algemene KERK-VERGADERING, saamgesteld uit:

Twee Predikanten en twee Ouderlingen der Hoofdplaats, en De Predikanten en een Ouderling uit elke Gemeente van de Buiten-Districten . . ."

Hierin het die Kerk in die Kaapkolonie die voorbeeld gevolg van die Nederlandse Kerk wat met sy Kerkorde van 1816 ook nie die diakens op „die hoëre vergaderings" soos dit in die kollegiale kerkreg genoem word, sittingsreg gegee het nie[22]).

Dit is dan ook opmerklik dat die diakens nié lede van die Sinodale Vergadering was nie. Enkele uitsonderingsgevalle kom voor want in 1834 verskyn diaken C. de Klerk van Tulbach en diaken M. J. Potgieter van Uitenhage op die Sinodale vergadering, waarskynlik vanweë die feit dat géén ouderling uit dié gemeentes beskikbaar was nie.

Met die aanvaarding van die nuwe **Laws and Regulations for the Direction of the Dutch Reformed Church in South Africa** in 1842[23]) is ten opsigte van die samestelling van die Sinodale Vergadering bepaal:

„Art. 12. The general church assembly is composed of all acting ministers of this colony and an acting or retired elder to be nominated by each consistory, with the exception of Cape Town, which may depute two elders."

Ten opsigte van die Ringsvergadering is bepaal dat dié gevorm sal word deur die predikante van die gemeentes in die Ring en één ouderling uit elke gemeente of „by substitution any other member of the consistory nominated by that body" (art. 27, bls. 621). Ten opsigte van die Kerkraadsvergadering word die diaken normaalweg as lid van die Kerkraad gereken (art. 35, bl. 624), terwyl die Kerkraad uit minstens twee ouderlinge en vier diakens moet bestaan.

---

[21]) A. Dreyer, **Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika,** Kaapstad 1936, bls. 20-21.

[22]) Vgl. J. C. A. van Loon, **Het Algemeen Reglement van 1816,** Wageningen 1942, blz. 225 vg.

[23]) **Statute Law of the Cape of Good Hope,** Cape Town 1862, p. 612ff.

Oor die algemeen bly dit die primêre taak van die diaken om die barmhartigheidsdiens en alles wat daarmee saamhang te behartig. Tog is dit opvallend dat in die 1842-Kerkwet die ampswerk van die diaken slegs omskrywe word as:

„Art. 37.4 ,To provide for the poor and widows."

In die opvolgende art. 43.3 word dit effens vollediger omskrywe en gestel:

„a. The deacons provide for the collection of alms and for the support of the needy of the church.

b. They attend to whatever leads to the discovery, extension or promoting of the funds and means for the support of the needy.

c. One of the deacons, namely, the cashier of the church fund, is bound to conduct himself according to the following instructions for the cashier deacon . . .'

Hoewel dit nié 'n volledige omskrywing van die ampswerk van die diaken is nie, is dit duidelik dat **die hoofklemtoon nog steeds bly val op die konstituerende element van die diakonaat.** Daarom word die diaken ook nie op die meerdere vergaderings ingetrek in die regeringstaak nie, 'n opdrag wat eie aan die ouderlinge van die Kerk is.

Met die Groot Trek en die daaropvolgende vestiging van 'n onafhanklike kerklike organisasie deur die Voortrekkers, het die Voortrekkers vir so ver toepaslik die Kerkwet van 1824 gevolg. Dit was dié wet en orde wat hulle geken het toe hulle uit die Kaapkolonie weggetrek het. In die Voortrekkerrepubliek, vóór die anneksasie van Natal en die Vrystaatse gebied, het die Voortrekkers, vanweë die feit dat hulle géén predikant gehad het nie, nooit gekom tot die opstel van 'n kerklike orde nie. In die oorvaalse gebied het dit aanvanklik ook maar op 'n losse voet geskied want hoewel die eerste sinodale vergadering in Augustus 1853 byeengekom het, het dit tot 1862 geduur voordat 'n eie Kerkwet aanvaar is. Hoewel in 1857 reeds 'n ontwerp-Kerkwet gereed was, is dit nooit deur die Volksraad bekragtig nie sodat dit, vir die doeleindes van hierdie uiteensetting, buite rekening gelaat kan word.

Die eerste aantal sinodale vergaderings wat in Transvaal gehou is, was byeenkomste waar die Kerkraadsvergaderings van die verskillende gemeentes versamel het. Dit het dan ook beteken dat dáár ouderlinge sowel as diakens sitting geneem het. **Hiermee is dan ook afgewyk van die kerkordelike patroon wat tot op dié stadium in Suid-Afrika gegeld het.** Waarskynlik omdat die eerste aantal Algemene Kerkvergaderings sulke gewigtige besluite moes

neem, is geoordeel dat alle lede van die verskillende gemeentelike Kerkraadsvergaderings daar teenwoordig moes wees. Dit het beteken dat met die Algemene Kerkvergadering van Augustus 1853 daar één predikant, vyf ouderlinge en twaalf diakens teenwoordig was. Met die vergadering van November 1853 was daar 5 ouderlinge en 8 diakens teenwoordig.

Só gaan dit voort tot en met die aanvaarding van die 1862-Kerkwet waar dan, ten opsigte van die samestelling van die Algemene Kerkvergadering die volgende gestel word:

„Art. 34. De Algemene Kerkvergadering is zamengesteld uit alle predikanten der ned. Herv. Kerk in de Zuid Afrikaansche republiek, benevens de helft der diensdoende ouderlingen en één diaken uit elke gemeente."

Dit beteken dat die sittingsreg van die diakens op die Algemene Kerkvergadering baie sterk ingekort is, aangesien dit destyds nog steeds die gebruik was om aansienlik méér diakens as ouderlinge in elke gemeente te hê. Iets van die ou bedeling het nog nagewerk in die bepalings vir die samestelling van die „Commissie der Algemene Kerkvergadering" waar slegs predikante en ouderlinge sittingsreg gehad het.

Wat die ampswerk van die diaken betref, word naas die feit dat hy lid van die Kerkraad is (**Algemene Bepalingen,** art. 2), nog verder vasgestel dat dit **die taak van die Kerkraad is** (art. 13.11):

„De behartiging van de geestelyke behoeften der armen; het bepalen van collekten; de zorg voor diaconie en kerkegoederen; het drie maandelykschen opnemen der diaconie en kerke rekening, en het geven van de vereischte inlichtingen betreffende het diaconie-beheer."

Die spesifieke ampsopdrag van die diaken kom voor in art. 23 waar gestel word:

„Art. 23. Aan de diakenen is opgedragen de meer byzondere zorg voor de armen der Gemeente. Daartoe zyn zy belast:

1. met het beheer der diaconie-goederen;
2. met het innen van alle aan de diaconie toekomende gelden;
3. met de inzameling der liefdegaven;
4. met het besteden van dit een en ander tot het doel, hetwelk de Christelyke gemeente voor hare armen beoogt;

Art. 24. In alle gemeenten geschied dit alles in overleg met den predikant en de ouderlingen.

Art. 25. De diakenen gaan de gemeente in het getrouw bywonen der openbare Godsvereering voor."

Ten opsigte van hierdie bepalings kan net daarop gewys word dat hier reeds begin word met die geleidelike aksentverskuiwing in die dienswerk van die diaken. Die diaken is nou permanente hulp-ouderling (want dit is hy wat sy sittingsreg op die Kerkraads- en meerdere vergaderings van die Kerk betref) en dit beteken tog dat sy primêre ampsopdrag daardeur in die gedrang kom. Omdat die diaken nou lid van die Kerkraadsvergadering is, word die duidelike grense van onderskeiding tussen die amp van ouderling en diaken vervaag.

Die Kerkraad neem nou die funksies van die diakonie-vergadering oor, en die diakonie is nié meer 'n selfstandige vergadering waar die diakens oor hulle ampsopdrag beraadslaag nie en selfs die selfstandigheid van die diakensamp word beperk want hulle werk kan nou alleen in oorleg met ouderling en predikant verrig word. Terwyl die diaken ook nou uit die jonger lidmate van die gemeente gekies word, word die indruk gevestig èn ook die gebruik dat die diakensamp 'n soort „voorbereiding" of „leerskool" vir die amp van ouderling is — ook omdat nou die verpligte uittrede uit die amp, na 'n bepaalde dienstyd, weggelaat word. Hoewel die konstituerende elemente van die diakensamp nog behoue bly, is dit duidelik dat in 1862 'n bepaalde koers ingeslaan word wat, in ons Kerk, gelei het tot 'n geleidelike uitholling van die amp van die diaken.

Hierdie tendens word verder bevestig deur byvoorbeeld die **Wetten en Bepalingen voor de Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika,** 1914, waar art. 49 bepaal:

„De werkzaamheden van den kerkeraad zijn:

c. de armen, vooral de behoeftige weduwen en weezen te ondersteunen; . . ."

terwyl die ampsopdrag van die diakens dieselfde bly in art. 69-70 as die van art. 23-25 van die 1862-wet.

Die **Wet van die Nederduits Hervormde Kerk** van 1937, wat die eindpunt van hierdie spesifieke kerkregtelike tradisie verteenwoordig, het in art. 86 die ampsopdrag van die diakens tog enigermate uitgebrei want daar word bepaal:

„Aan die diakens is opgedra:

I. meer in die besonder die sorg vir die armes van die Gemeente; daartoe is hulle belas met:

a. die gereëlde besoek van die armes;

b. die beheer van die Diakoniefonds;

c. die insameling van liefdesgawes vir die Diakoniefonds;

d. die beskikking oor die Diakoniefonds in ooreenstemming met die doel wat die Christelike gemeente homself stel met betrekking tot sy armes;

II. in die algemeen die insameling van die bydraes van die lede van die Gemeente."

Hierdie **Diakoniefonds** het blykens art. 251 bestaan uit: „Kerkkollektes, vrywillige bydraes en skenkings en legate". Hierdie fonds het volgens art. 252 onder die beheer van die diakens gestaan.

Tog het in die praktyk van die kerklike lewe die hele klemtoon van die diakenswerk geval op art. 86. II naamlik die insameling van die bydraes en het mettergaan die barmhartigheidsdiens die sekondêre taak van die diaken geword.

Met die aanvaarding van die 1951-Kerkwet waar, in navolging van die Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk van 1945, getrag is om vanuit die kollegiale kerkregtelike tradisie terug te keer na 'n meer Bybelsreformatoriese kerklike orde, het die diakonaat ook 'n verandering **in die kerkordelike reëlings** ondergaan. In hierdie verband kan gelet word op die Kerkwet, art. V en op Hoofstuk XVII, die **Bepaling vir die Diakonaat** waar in art. 2 'n baie meer duidelike ampsomskrywing gegee word. Dit word hier nié aangehaal nie omdat dit prakties dieselfde is as arts. 172-183 van die 1970-Wet en Bepalings. Interessant is dit egter om daarop te let dat Hfstk. XVIII, art. 17 ten opsigte van die **Diakonale Fonds** bepaal dat dié sal bestaan uit: „nagmaalstafelkollektes; **bepaalde** deurkollektes; vrywililge bydraes, en skenkings en erflatings". Daarby is getrag om in 1950 die amp van die diaken weer enigermate uit te bou deur **'n Diakonale Raad** in te stel wat egter nié bevredigend gefunksioneer het nie en deur **Diakonale Streeksrade** vervang is.

Hierdie kerkordelike reëlings het egter nié bygedra om die diakensamp weer 'n duidelik-onderskeie inhoud en selfstandige karakter te gee nie sodat die diaken vandag in die Kerk hoofsaaklik, in die praktyk, funksioneer as 'n hulp-ouderling en as 'n kollektant vir die gemeentelike fondse. Buitendien het die gebrek aan 'n behoorlike **Diakonale Fonds** in elke gemeente, hoofsaaklik vanweë die feit dat die deurkollektes oor die algemeen in die gewone gemeentelike fonds gestort is, meegebring dat die meeste diakonieë geen besondere fondse vir barmhartigheidsdiens tot hulle beskikking het nie. Daarby het die welvaartsgolf wat vanaf die vyftigerjare oor land en volk spoel, meegebring dat daar relatief min armes in die gemeentes is wat aanspraak

kan en wil maak op diakonale steun en/of versorging. Daarby het die opkoms en groei van die Sinodaal-gesteunde Nederduitsch Hervormde Weeshuis, wat 'n maatskappy in eie reg is; die Ondersteuningsraad wat gespesialiseerde barmhartigheidsdiens lewer in samewerking met die diakonieë, en die opkoms van die N.H.S.V. wat die versorging van bejaardes in N.H.S.V.-beheerde tehuise onderneem het, beteken dat die amptelike diakonale barmhartigheidsdiens in en van die gemeentes al meer en meer beperk is én op die agtergrond geraak. In baie gevalle is die plaaslike diakonie nie veel meer nie as 'n insamelingsorganisasie wat sonder mede-verantwoordelikheid of mede-wete bydraes lewer vir die bogenoemde breër liggame. Die resultaat is dat die Kerk met sy diakens in verleentheid geraak het en dat die diakens hulle belangrikste diens in die Kerk as hulp ouderlinge en as kollektante vir die gewone gemeentelike fondse lewer.

## 6. ENKELE OPMERKINGS.

In die lig van die voorgaande uiteensetting oor die amp van die diaken is dit duidelik dat hierdie dienswerk in die Kerk nié 'n geïsoleerde opdrag-tot-diens is nie maar dat dit saamhang met die amp as sodanig. Sonder om hier nou 'n volledige ampsteologie te gaan uitwerk[24]) kan hiér gestel word dat die amp 'n gawe van God aan sy gemeente of Kerk is[25]). Daarnaas kom die verdere gedagte dat die amp die één middel is waardeur Jesus Christus sélf sy Kerk orden, regeer en versorg. Nou is dit 'n vraag of daar net één amp is, nl. dié van die verkondiging van die Woord wat weer onderskei word in drie en of ons in die Kerk te make het met drie, spesifiek-geskeide ampte wat elkeen los staan van die ander. Dit wil tog voorkom, ook gesien die wye betekenis van **diakonein** in die Nuwe Testament dat ons sowel 'n basiese eenheid as 'n pluriformiteit ten opsigte van die amp in die Kerk moet aanvaar. Dit beteken dat ons die diakensamp primêr moet sien as déél van die amp as gawe van God aan sy Kerk waardeur die Christokrasie in en van die Kerk verwerklik word. Die diakensamp is dus amp-ter-wille-van-die-gemeente- en nié amp ter wille van homself nie. Daarom staan die amp van diaken nie los van die amp van dienaar van die Woord nie of van die amp van die ouderling nie. Alleen in samewerking én wisselwerking met dié ampte word die diakonaat in en van die Kerk verwerklik. Dit beteken egter óók dat ons die amp van die diaken **duidelik moet onderskei** van die ander ampte in die Kerk. Want, so wil dit

[24]) Daarvoor kan verwys word na die besonder bruikbare werk van A. A. van Ruler, **Bijzonder en Algemeene Ambt**, Nijkerk 1952.

[25]) In hierdie verband is Ef. 4:11-12 die sentrale teks ook wat die reformatoriese ampsopvatting betref.

voorkom, omdat in die verlede van ons Kerk en nou nòg, die amp van diaken nie sorgvuldig onderskei is nie, dáárom het die amp nié tot sy volle reg gekom nie. Ons het toegelaat dat die diakensamp, vanweë die vermenging daarvan met die ouderlingsamp, **'n ander inhoud** gekry het as dié inhoud wat dit Skriftuurlik en volgens die Bybels-reformatoriese teologie en kerkreg gehad het èn behoort te hê. Daarom sal dit noodsaaklik wees om eers weer 'n duidelike onderskeid te maak tussen die ampte om sodoende wéér die klem te laat val op die primêre en konstituerende elemente van die opdrag wat die diaken ontvang het.

a. **Oorweging of die diaken lid van die Kerkraadsvergadering moet wees of nie**

Die oorweging wat hiér moet geld is nié die usansie van die Kerk in hierdie verband nie. Soos aangetoon, het met verloop van tyd **'n uitsonderlike situasie,** vanweë die lang duur daarvan, die reël geword. Maar in die Kerk het „die situasie" nog nooit die reg gehad om die beslissings van die Kerk te bepaal nie. Die feit dat die Franse reformatoriese Kerk, anders as al die ander Calvinistiese Kerke, die diaken wel sittingsreg op die Kerkraadsvergadering gegee het en hom sodoende 'n permanente **hulpouderling** gemaak het, dra nié genoeg gewig teenoor die meer korrekte kerkordelike reëlings wat in die meeste ander Calvinistiese kerke gegeld het nie.

Belangrik is om te vra: **wat is die taak van die diaken?** Dáárvolgens moet bepaal word òf die diaken geroep word om óók mede-verantwoordelikheid te aanvaar vir die handhawing van die leer en dissipline in die gemeente en vir die regering van die Kerk. Op grond van die gegewens wat hierbo uiteengesit is, lyk dit beslis onwaarskynlik.

Hier moet verder in gedagte gehou word dat die negentiende eeu en die kerkregtelike denke wat toé gegeld het, dié tyd was toe die kollegiale kerkreg sterk op die voorgrond gestaan het. Dit was die kerkreg wat die band tussen die geloof en die orde van die Kerk afgesny het, wat die belydenis en die kerkreg as afsonderlike groothede gesien het. Die kollegiale kerkreg wat die Kerk gesien het as 'n gewone menslike vrywillige vereniging het die ampsdraers dan ook nie anders gewaardeer as dat hulle die demokratiesverkose **bestuurslede** van die vrywillige genootskap was nie. Daarom was dit in die kader van hiérdie denke volkome vanselfsprekend dat die diaken, as bestuurslid, ook volledig lid moet wees van al die bestuursorgane van die genootskap. Die sorgvuldige onderskeidings wat deur die Presbiteriaal-Sinodale kerkreg gemaak is, is hiér weggevee omdat die kerkreg nié meer gesien is as 'n Bybels-gefundeerde vormgewing van die

lewe en werk van die liggaam van Christus nie, nie meer gewaardeer is as 'n orde waarin dit moet uitkom dat dit Jesus Christus sèlf is wat Sy Kerk middellik deur die amp, onmiddellik deur sy Gees regeer en lei nie.

Dit is hierdie kollegiale kerkregtelike denke wat vanaf die aanvaarding in Nederland in 1816 van die Kerkorde van Koning Willem I, 'n belangrike rol gespeel het in die kerkregtelike denke sowel in Nederland as in Suid-Afrika. Dit het onherroeplik meegebring dat die Bybels-reformatoriese kerklike orde en kerkregtelike denke op die agtergrond geraak het. Daarom het allerlei vreemde gebruike in die kerklike ordening ingesluip wat nou, vanweë die feit dat ons daaraan gewoond is, nie meer vreemd lyk nie en soms selfs méér aanvaarbaar is as die Bybels-reformatoriese gebruike wat op prinsipiële besinning berus.

Dit is noodsaaklik dat die Kerk weer duidelik sal **onderskei** tussen die ampte en die ampsopdragte, ter wille van die behoud van die ampte. Want vandat die diaken as hulp-ouderling ingetrek is op die Kerkraadsvergadering en vandaar na die meerdere vergaderings van die Kerk én vandat die diaken hoofsaaklik as kollektant vir die Kerkraad moet optree, het die barmhartigheidsdiens wat die diaken in Kerk en wêreld moet lewer, al meer en meer op die agtergrond geraak.

Ter wille van die behoud van die diakensamp as 'n onderskeie, eie en volwaardige amp in die Kerk sal dit noodsaaklik wees om die diaken te verlos van die opdrag om as hulp-ouderling in die Kerk diens te lewer. Feitlik alle gemeentes in ons Kerk het vandag baie meer as net 'n paar ouderlinge wat heeltemal mans genoeg behoort te wees om hulle amp na behore uit te voer. Daarby is dit 'n verkeerde gedagte om te stel dat die diakensamp eers dán 'n volwaardige amp is wanneer die diaken as hulp-ouderling funksioneer.

Die opdrag wat die diaken tans het om as kollektant in die gemeente op te tree, is vanselfsprekend nie 'n konstituerende element van die diakensamp nie. Dit kan oorweeg word om hierdie opdrag déél van die diaken se dienswerk te laat bly omdat op dié manier die diaken reëlmatig (maandeliks of driemaandeliks) in aanraking kom met al die mense in sy wyk en hy sodoende in staat is om dadelik kennis te neem van behoeftes of sorge wat die lidmate mag hê. Indien hierdie opdrag egter gebruik sou word as 'n argument om die diaken as lid van die Kerkraadsvergadering te behou[26]) dan kan dit beter wees om hiérdie opdrag

---

[26]) Die argument is gewoonlik dat die diaken die gemeentelike fondse insamel en daarom óók die reg moet hê om dit, op Kerkraadsvlak, weer te bestee. Merkwaardig bly dan dat tog nog bepaal word dat die Diakonie alleen met goedkeuring van die Kerkraad sy fondse mag bestee. Altwee argumente kan m.i. nie gelyktydig geld nie.

aan die ouderling te gee of om spesiale **kollektante** (nie-ampsdraers!) daarvoor aan te stel.

Wanneer die diaken nie meer normaalweg as lid van die Kerkraad beskou word nie, sal dit egter wèl, vir die goeie gang van sake, nodig wees om vir **bepaalde sake** samesittings van die Kerkraad of Presbiterium en die Diakonie te reël. Geleenthede wat daarvoor in aanmerking kom is:

i. die beroep van predikante;
ii. die verkiesing van kerkraadslede;
iii. die behandeling van die diakonale verslae aan die Kerkraad;
iv. die behandeling van die gemeentelike jaarverslae.

Vir die res moet daar 'n duidelike onderskeiding gemaak word tussen die ampsopdrag en ampswerk van die ouderling en die diaken. Dit sal beteken dat **die Diakonale vergadering** nie alleen gereeld gehou sal moet word nie, maar ook tot **'n noodsaaklike en belangrike vergadering** uitgebou sal moet word. Daar sal weerstand gebied moet word téén die gedagte dat die diaken 'n soort „vakleerling" vir die amp van ouderling is. Dit moet beklemtoon word dat die diakensamp 'n eie, duidelik-ouderskeie en selfstandige amp in die Kerk is en moet wees en bly.

Indien besluit sou word dat die diaken nié meer normaalweg lid van die Kerkraad is of moet wees nie, is dit vanselfsprekend dat die diaken óók nie meer lid sal wees van die meerdere vergaderings van die Kerk nie. Immers die opdrag van dié vergaderings is primêr om die Kerk, na die eis van Gods Woord, te regeer en om die orde in en van die Kerk te bewaar. Dáár gaan dit nié om die barmhartigheidsdiens as sodanig nie maar om die regering van die Kerk. Reeds met die Algemene Kerkvergadering van 1970 is implisiet besluit dat die diaken nié meer normaalweg lid van dié vergadering sal wees nie want dáár is besluit dat afgesien van die sittingsreg van alle predikante, slegs één verteenwoordiger van elke Kerkraad daar sitting sal neem. Dit is byna vanselfsprekend om aan te neem dat met die Algemene Kerkvergadering van 1973 daar baie min **diakens** lid van dié vergadering sal wees.

Om die diakensamp as 'n eie, duidelik-onderskeie en selfstandige amp in die Kerk te verstaan, sal dit noodsaaklik wees om die vraag te probeer beantwoord: **Wat is die opdrag van die diaken? Wat is die éie inhoud van sy amp?**

Hier sal noodsaaklikerwys onderskei moet word tussen die begrip **diakonein,** as diensbaar-wees of as aanduiding van die Christelike liefdesbetuiging ten opsigte van die naaste wat déél

is van die dankbaarheidstaak van elke gelowige en ampsdraer en die spesifieke opdrag van die ampsdraer-**diakonos.** Die taak van die diaken is, en dit moet beklemtoon word, nie 'n **eksklusiewe opdrag** asof nét die diaken alléén barmhartigheidsdiens in die Kerk en in die wêreld sal mag verrig nie. Daarby sal in gedagte gehou moet word dat die totale werk van die Kerk in die wêreld, net soos die totale werk van Jesus Christus in die wêreld as **diakonia** getipeer kán word. Dit neem egter nié weg dat Jesus Christus bo en behalwe dit alles óók nog die amp van **diakonos** aan die gemeente gegee het en dat Hy só en deur die ampswerk van dié manne, wat geroep word tot **diakonoi,** die gelowiges vir hulle dienswerk in die wêreld wil toerus. Juis die feit dat daar manne as **diakonoi** met 'n spesifieke opdrag geroep word, beteken dat hierdie amp as 'n **eiesoortige amp** verstaan moet word en dat dit nié in die Kerk toegelaat moet word dat die diakensamp maar verloop of inhoudloos kan word nie.

Gesien die gegewens wat hierbo uiteengesit is, is dit duidelik, as nou gelet word op die spesifiek-eie van die diakensamp, dat die diakensamp tweeledig is:

(a) Allereers is daar dié deel van sy taak wat hy **binne** die kerkgebou, in die godsdiensoefening van die gemeente verrig. Dit is in die eerste plek die werk wat die diaken verrig by die Nagmaalstafel. Hiermee hang saam sy ontvang, óf in die erediens, óf by die uitgaan uit die kerkgebou by die deure, van **die aalmoese** wat die gemeente vir die armes gee. Die gee van die aalmoese as 'n **gedeeltelike uitdrukking** van die gemeente se gehoorsaamheid aan die tweede groot gebod is vanselfsprekend, juis in en by die godsdiensoefening waar die gemeente ook vanweë sy gehoorsaamheid aan die eerste groot gebod, byeengekom het. Daarom lyk dit vanselfsprekend, ook in die lig van die gebruik wat daar in die reformatoriese tyd geheers het, dat elke Kerkraad van ons Kerk wéér sal besluit dat **die kollekte by die erediens** diakonale gelde is. Dié saak is wèl belangrik omdat die diakensamp die één amp is wat bitter moeilik **sonder** stoflike middele kán funksioneer. Dit wil egter voorkom dat die kollekte by die erediens maar één van die bronne van inkomste van die diakonale fonds sal wees. Ander bronne is die Nagmaalstafelkollekte wat prinsipieel dieselfde teologiese basis het as die kollekte by die deure.

Dit wil voorkom asof dit in die reformatoriese erediens die volledige samevatting sal wees van die diaken se ampswerk, behalwe dat hier ook nog sy amptelike teenwoordigheid by die erediens genoem kan word. Daar sal moet gewaak word téén die

moontlikheid wat in die vroeë Christelike Kerk 'n werklikheid geword het, dat die diaken 'n volledig-kultiese ampsdraer geword het en sy taak in die gemeente en in die wêreld volkome verwaarloos het.

(b) Hierop volg die tweede deel van die amp van die diaken, nl. sy dienswerk buite die kerkgebou in die gemeente èn in die wêreld. Dit is sy barmhartigheidsdiens ten opsigte van die armes en behoeftiges wat baie netjies opgesom word in ons Kerkwet se Bepalings, art. 172.2 a-g waar die korrelasie tussen die barmhartigheidsverlening en die vertroosting uit die Woord van God nié uit die oog verloor word nie. Hierdie omskrywing volg sorgvuldig die voetspoor van sowel die Formulier as die betrokke bepalings in hierdie verband in die ou Presbiteriaal-sinodale kerkordes èn die Nederlandse Geloofsbelydenis. **Dit moet dan ook aangedui word as die konstituerende element van die amp van die diaken.** Uiteraard beteken dit nié dat slegs die diaken in die gemeente dit mag doen en niemand anders nie, maar dit beteken dat die diaken in ieder geval 'n Goddelike roeping èn opdrag het om hierdie taak te verrig „insonderheid aan die huisgenote van die geloof". Indien die diaken hierdie konstituerende elemente van sy ampsopdrag sou nalaat, is hy besig om die belofte wat hy by sy bevestiging afgelê het, te ontduik.

Juis in die uitvoering van sy barmhartigheidsdiens ontstaan daar 'n reeks probleme wat hier kortliks aangestip word. Dit is probleme wat duidelik raakgesien, ontleed èn opgelos moet word om sodoende die diaken in die gemeente en Kerk wéér in staat te stel om 'n volwaardige en selfstandige amp in die Kerk te beklee.

**Die volgende probleme is hier van belang:**

1. Vanweë die geleidelike uitholling van die amp van diaken het in die meeste gemeentes die opbou van 'n **Diakonale Fonds** tot stilstand gekom. Enersyds het dit gebeur omdat vanweë die welvaartsgolf wat oor land en volk spoel èn vanweë die volop werkgeleentheid daar baie min werklike arm en behoeftige mense in ons Kerk te vind is. Dit het meegebring dat relatief klein eise aan die Diakonale Fonds gestel is. Geleidelik het dit duidelik geword dat vir die gewone gemeentelike armversorging die Nagmaaltafelkollektes voldoende is om die relatiewe geringe eise wat aan die Diakonale Fondse gestel word, die hoof te bied. Dit het meegebring dat in baie gemeentes die deurkollektes, sonder verdere nadenke, in die gewone gemeentelike fonds gestort is. Die relatiewe afwesigheid van armes in ons gemeentes het ook meegebring dat die Diakonieë opgehou het om lewenskragtig te funksioneer, want in meeste gemeentes is geoordeel dat as

daar in die eie gemeente geen vraag vir barmhartigheidsdiens gestel word nie, die gemeente se verantwoordelikhede op dié vlak opgehou het om te bestaan. Verder is in bepaalde Ringe bepaal dat alle ongebruikte diakonale fondse aan die einde van elke boekjaar aan die Ring se Diakonale Raad oorgedra moet word.

Dit het daartoe bygedra dat **die verantwoordelikheidsin** van die plaaslike Diakonie nog verder afgetakel is — dit nieteenstaande die feit dat elke Diakonie wèl op die Ringsraad verteenwoordig is. Hierdie aftakeling of vermaering van die gemeentelike Diakonieë se fondse het tot gevolg gehad dat in die plaaslike Diakonieë 'n gevoel van magteloosheid ten opsigte van barmhartigheidsdiens in die breër verband posgevat het. Die gemeentesentriese denke, ook wat die barmhartigheidsdiens betref, het baie daartoe bygedra dat die barmhartigheidsdiens 'n verwaarloosde dienswerk in die Kerk geword het.

Omdat die diens van barmhartigheid en die amp van die diaken stoflike middele vereis om te kan funksioneer, **sal hiér in die eerste plek ernstige aandag gegee moet word aan die opbou van gemeentelike diakonale fondse.** Dit lyk noodsaaklik dat elke gemeentelike diakonie minstens oor 'n paar honderd rand in hulle spaarrekening moet beskik om sodoende 'n reserwefonds te hê in geval van noodtoestande wat kan ontstaan. Buitendien sal die bestaan van so 'n vaste diakonale fonds in elke gemeente onmiddellik die verantwoordelikheidssin van die plaaslike diakonie opskerp. Hierdie **diakonale reserwefonds** hoef nie werkeloos in die Kerk te wees nie en verskillende moontlikhede lê hier oop. Dit is egter nie nodig om hier verder aandag daaraan te gee nie.

2. Die geleidelike uitholling van die amp van diaken het ook meegebring dat die barmhartigheidsdiens in die Kerk „vervlak" het tot die aandra van kruideniersware aan behoeftige gesinne en nié veel meer nie. Hoeveel **diakens** bewys hulp aan die „armes en ellendiges" met vertroostinge uit die Woord van God? Word dit nie normaalweg maar aan die predikant oorgelaat nie? Hoeveel diakens is werklik in staat om die verskil te peil tussen kerklike barmhartigheidsdiens en doodgewone welsynswerk?

Die stelling kan miskien gemaak word dat die meeste diakens nié behoorlik vir hulle amp toegerus word nie. 'n Poging om hierdie toerusting van die diaken aan te help is natuurlik die voortreflike boek van prof. B. J. Engelbrecht in hierdie verband. Dit wil egter voorkom asof slegs 'n relatiewe klein persentasie van die diakens in ons Kerk bewus is van die bestaan van hierdie duidelike uiteensetting oor die amp van die diaken.

Die oplossing hiér lê in die hou van **gereelde Diakonievergaderings.** Die vadere het weeklikse of twee-weeklikse vergaderings vereis, ons is tevrede met diakonale vergaderings op „vasgestelde tye". Dit wil voorkom asof dit noodsaaklik sal wees dat die predikante van ons Kerk gereeld diakonale vergaderings sal belê waar die diaken in die volle sin van die woord **toegerus sal word vir hulle amp** sodat hulle wèrklik in staat sal wees om hulle amp uit te voer in die volle besef van hulle verantwoordelikheid.

Hierby sal dit oorweeg moet word om die diakens nié te beskou as „vakleerlinge" vir die amp van ouderling nie, maar om die diakens in dié amp te laat sodat die diakensamp nie uitsluitlik toevertrou sal word aan die jong manslidmate van die gemeente nie. Daar behoort géén beswaar daarteen te bestaan om ook ouer manslidmate tot die amp van diaken te verkies nie, dit natuurlik met volle inagneming van die vereistes wat aan die diaken gestel word in I Tim. 3.

Indien die diaken **sèlf** toegerus is vir die bediening van sy amp in die gemeente èn in die wêreld, sal die diaken op sy beurt weer, in die lig van Ef. 4:11-12, in staat wees om die „heiliges toe te rus vir hulle dienswerk" in die gemeente èn in die wêreld. Nou moet hier onmiddellik toegegee word dat die barmhartigheidsdiens wat aan die diaken opgedra is, in ons gespesialiseerde en gekompliseerde lewenspatroon, geweldig baie fasette vertoon en dikwels ook hoogsgespesialiseerde kennis vereis. Hier word veral gedink aan barmhartigheidsdiens wat verleen moet word aan „ellendiges" wat verslaaf is aan alkohol, dwelmmiddels of iets dergliks; aan probleme wat in gesinne ontstaan vanweë huweliksprobleme; probleme rondom die verwaarlosing van kinders en bejaardes; probleme in verband met oorbesteding of wanbesteding van die gesinsinkomste. Géén wonder dat die diaken in sy twintigerjare sonder enige toerusting vir sy amp, wegvlug van die barmhartigheidsdiens in en aan die gemeente en wêreld nie! Hy **is** inderdaad baie veiliger as kollektant en as hulpouderling.

Die antwoord is èn bly egter: **toerusting van die diaken vir die bediening van sy amp** en dan veral primêr: **toerusting vanuit die Heilige Skrif en die geloof,** want alleen sò sal hy inderdaad in staat wees om tussen goed en kwaad te onderskei. Hier lê 'n taak vir die diaken èn vir die Kerk wat sy ampsdraers nie weerloos in die gemeente en wêreld behoort in te stuur nie.

3. Die derde probleem rondom die diakensamp lê juis in die feit dat die diaken nie genoeg of onvoldoende gespesialiseerde kennis het om die diens van barmhartigheid te volvoer en ander-

syds omdat die diakonie nié die middele het om werklik diégene wat aan hom toegewys is (vgl. Bepalings art. 172.2) te versorg nie. Die resultaat was en is dat die Kerk op Sinodale vlak ook bepaalde terreine van die barmhartigheidsdiens aangepak het. t.w. die versorging van die verweesde en verwaarloosde kind deur middel van **die Weeshuis;** die versorging van die maatskaplike probleemgevalle en die bewerkstelliging van 'n skakel tussen die Kerk en die Staatsdepartement van Volkswelsyn deur middel van **die Ondersteuningsraad.** Daarnaas het die N.H.S.V., wat 'n welsynsorganisasie is, as diakonale orgaan van bystand, 'n leemte in die Kerk se barmhartigheidsdiens gevul met die oprigting van **die Monumenttehuise** wat gespesialiseerde bejaardesorg behartig.

Prinsipieel kan daar géén beswaar ingebring word teen dié gespesialiseerde barmhartigheidsdiensverlening wat so in die Kerk tot stand gekom het nie. Immers die diens van barmhartigheid is nie **'n eksklusiewe taak van die diaken** nie! Hierdie ontwikkeling het egter meegebring dat 'n eienaardige situasie ontstaan het wat miskien ook kenmerkend van ons verleentheid is en dit is dat die diaken op die vlak van die barmhartigheidsdiens **die volgeling** geword het in plaas daarvan dat hy die leiding gee. Art. 172.1 van die Bepalings sê:

„Die gemeente vervul sy roeping tot die diens van barmhartigheid deur die diakonaat."

Hierdie bepalings wat die orde in die Kerk reël is egter, so wil dit voorkom, eerder 'n vrome wens as 'n feit, en die algemene indruk bestaan dat daar ook nie doelbewus na gestreef word om hierdie bepaling wáár te maak nie. Op sy beste is die gemeentelike diakonie op die oomblik slegs 'n kanaal waardeur die genoemde instansies finansiële middele ontvang om hulle werk mee te doen. Daarby is ek daarvan oortuig dat dit by die genoemde instansies heelwat konsternasie sou veroorsaak indien die Kerk eensklaps sou besluit dat hierdie instansies deur die diakonieë van die Kerk beheer en versorg sou moes word! Juis omdat hierdie instansies **gespesialiseerde diens** verrig kan die diaken, wat skaars toegerus is vír sy dienswerk, slegs op die finansiële vlak 'n bydrae tot hiérdie barmhartigheidsdiens in en van die Kerk maak.

Die oplossing van hierdie „probleem" hang af van wat van die diakonieë verwag word en ook van die vraag of met die Weeshuis, Ondersteuningsraad en Bejaardehuise die Kerk die terrein van gespesialiseerde barmhartigheidsdiens voldoende en afdoende dek.

Die vraag is: Moet die diakonieë beperk word tot die suiwer **gemeentelike** barmhartigheidsdiens — dit wil sê die versorging van die gemeentelike armes en weduwees, dáárin bygestaan deur die Ondersteuningsraad terwyl ook gebruik gemaak word van die fasiliteite van die Staatsdepartement van Volkswelsyn en nie-kerklike inrigtings vir die eventuele rehabilitasie van alkoholiste en dergelike meer? Wat sou dan die situasie wees indien 'n Diakonie 'n eie weeshuis sou oprig vir die versorging van gemeentelike weeskinders in opvolging van art. 172.2.b. of 'n hospitaal in uitvoering van die opdrag in art. 172.2.a.?

Of moet daar gewerk word in die rigting dat:

(a) die gemeentelike diakens, verlos van die taak van hulp-ouderling, nougeset en verantwoordelik toegerus word in hulle dienswerk;

(b) die Diakonale Fonds in elke gemeente sorgvuldig opgebou word uit die Nagmaaltafelkollektes, **alle** deurkollektes en ander middele wat die diakens mag vind volgens art. 200.2.

(c) die verstewiging van die Diakonale Streeksraad van die Ring deur 'n sorgvuldiger taakomskrywing en 'n meer spesifieke opdrag;

(d) die skepping van 'n „Sinodale" Raad/Vergadering vir Barmhartigheidsdiens wat byvoorbeeld gevorm kan word deur twee verteenwoordigers (of meer) uit elke Diakonale Streeksraad, verteenwoordigers van die Weeshuis, Ondersteuningsraad en die Bejaardehuise. Hierdie Raad/Vergadering kan dan onder andere die opdrag kry om:

(1) reëlings te tref vir die eweredige verspreiding èn aanwending van dié gelde wat onder (b) as liefdesgawes vir die barmhartigheidsdiens aangedui is;

(2) koördinering van die barmhartigheidsdiens in die Kerk as 'n geheel te bewerkstellig, asook uitbreidings van dié ampswerk te beplan en deur te voer;

(3) die barmhartigheidsdiens van die Kerk te korreleer met die welsynswerk van die Staatsdepartement van Volkswelsyn en om terselfdertyd binne die Kerk die welsynswerk van die Staat aan te vul sodat dit óók die effek het van Christelike barmhartigheidsdiens;

(4) die toerusting van die gemeentelike diakens te versorg sodat alle diakens begrip sal hê van die omvang en inhoud van die diens van barmhartigheid.

Hier is wel 'n paar struikelblokke wat sorgvuldig onder oë gesien moet word.

Die eerste is dat **die gemeentelike diakonie** in die Bybels-reformatoriese kerkregtelike denke suiwer as 'n gemeentelike liggaam gesien is wat wel in die gemeente selfstandig, onder toesig van die Kerkraad, optree maar nié buite die gemeentelike grense selfstandig optree nie. Hierdie probleem, as dit so gesien wil word is nie onoorkomelik nie. As die gemeentelike diakonie selfstandig, onder toesig van die Kerkraad, in die gemeente kan optree met die predikante as diegene wat die geestelike leiding gee, kan dieselfde tog ook gebeur ten opsigte van die Ringstreeksraad en 'n eventuele „Sinodale" Diakonale Vergadering.

Die tweede probleem is dat die gemeentelike diakonie as 'n verantwoordelike liggaam gerespekteer moet word. Net soos die Kerkraad in die presbiteriaal-sinodale kerkreg gewaardeer word as 'n verantwoordelike liggaam. Daarom sal die gemeentelike diakonie se **beskikkingsreg** oor sy diakonale fondse, dit wil sê die „uitdeling" wat deur die Formulier aangedui word as „die tweede deel van die amp", nie sonder meer oorgedra kán word aan òf die Ringstreeksraad òf die eventuele „Sinodale" vergadering nie.

Dit is egter ook duidelik dat die bedrag van deurkollektes, wat vir die periode 1966-1968 vir die hele Kerk 'n bedrag van R485,404 beloop het, méér is as wat vir gemeentelike diakonale uitgawes **nodig** is. Ongelukkig kon ek nie vasstel wat die bedrag was van die Nagmaaltafelskollektes in die Kerk gedurende die periode 1966-1968 nie.

Hier sal waarskynlik 'n formule gevind kan word waardeur, indien alle deurkollektes as diakonale fondse beskou word, 'n deel gemeentelike diakonale fondse sal bly en die ander deel òf Ringsgewys òf „Sinodaal" bestee kan word.

Die derde probleem is die verhoudinge van verteenwoordiging op die Rings- en „Sinodale" Diakonale vergaderings. Hier moet in gedagte gehou word dat die diens van die barmhartigheid nooit los van die „vertroostinge uit die Woord van God" sal mag geskied nie. Sal dit beteken dat daar óók predikante op die „meerdere diakonale vergaderinge" sal sit of slegs diakens?

Die bedoeling is immers om **die amp van die diaken** wéér 'n volwaardige amp in eie reg te maak. Daar sal dus gewaak moet word dat die diaken nie net volgeling bly nie maar inderdaad **leier** word in die uitvoering van die dienswerk wat spesifiek aan hom opgedra is.

Verder lyk dit my noodsaaklik dat die bestaande instansies wat gespesialiseerde diens op hierdie vlak in die Kerk verrig, nie versteur moet word nie. Vir die huidige is die diakens van die

Kerk waarskynlik nie goed genoeg toegerus om die verantwoordelikheid in hiérdie werk op hulle te neem nie. Dit wil egter voorkom of die inskakeling van hierdie instansies by 'n eventuele „Sinodale Diakonale Vergadering" nie probleme hoef op te lewer nie — netso min as wat daar tans probleme bestaan ten opsigte van hierdie instansies en die Algemene Kerkvergadering se onderlinge verhouding tot mekaar.

Met hierdie opmerkings is getrag om enkele riglyne te trek wat miskien daartoe kan bydra om die amp van die diaken in die Kerk weer tot 'n volwaardige amp in eie reg in die Kerk uit te bou. Die diens van die barmhartigheid is nie maar 'n toevalligheid in die Kerk nie, maar die uit- en naleef van die tweede groot gebod wat Jesus Christus aan Sy gemeente gegee het.

Omdat ook hierdie diens van barmhartigheid **ordelik** in en deur die Kerk uitgevoer moet word, lyk dit vir my 'n primêre noodsaaklikheid dat **die amp van die diaken** sorgvuldig uitgebou sal word. Graag wil ek die woord van Van Ruler, hier aanhaal[27]).

„En de diaken — onvolprezen schepping of vondst van de Reformatie! — gaat met de barmhartigheid en de gerechtigheid van God in in de nood der wêreld, van enkeling en samenleving."

Dáárheen moet ons werk anders verval ons Kerk óók in die afgronde van die „social gospel" en word ons barmhartigheidsdiens straks eerder gedra deur sosialistiese beginsels as deur die eis van dankbaarheid teenoor God.

---

27) A. A. van Ruler, a.w., blz. 23.